WAY HOUSE X 36
P2378
MENIKO

DIE PROVINSIE TRANSVAAL THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Offisiële Koerant Official Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRYS: S.A. 75c Plus 9c A.V.B. OORSEE: 95c PRICES: S.A. 75c Plus G.S.T. OVERSEAS: 95c

Vol. 232 PRETORIA 26 JULIE 26 JULY 1989 4632

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL
(Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Direkteur-generaal, Transvaalse Provinsiale Administrasie, Privaatsak X64, Pretoria, gedateer word en indien per hand afgelewer, moet dit op die 1e Vloer, Kamer 142, Van der Stelgebou, Pretoriusstraat ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar) met ingang 1 Januarie 1989

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R40,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 85c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 75c elk plus AVB.

Verkrygbaar by 1e Vloer, Kamer 142, Pretoriusstraat, Pretoria 0002.

Sluitingstyd vir Aanname van Advertensies

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 16h00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensietariewe met ingang 1 Januarie 1989

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom — R5,00 per sentimeter of deel daarvan. Herhaling — R4,00.

Enkelkolom — R4,50 per sentimeter. Herhaling — R3,00.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria 0001.

C G D GROVE
Provinsiale Sekretaris

K 5-7-2-1

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL
(Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Director-General, Transvaal Provincial Administrator, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in on the First Floor, Room 142, Van der Stel Building, Pretorius Street. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

Subscription Rates (payable in advance) as from 1 January 1989

Transvaal *Official Gazette* (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R40,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 85c each plus GST.

Price per single copy (post free) — 75c each plus GST.

Obtainable at Frist Floor, Room 142, Van der Stel Building, Pretorius Street, Pretoria 0002.

Closing Time for Acceptance of Advertisements

All advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 16h00 on the Tuesday a week before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisement Rates as from 1 January 1989

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette:*

Double column — R5,00 per centimetre or portion thereof. Repeats — R4,00.

Single column — R4,50 per centimetre. Repeats — R3,00.

Subscriptions are payale in advance to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria 0001.

C G D GROVE
Provincial Secretary

K 5-7-2-1

Proclamations

No 37 (Administrateurs-) 1987

PROKLAMASIE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14(2)(a) van die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet No 69 van 1986), en nadat aan die bepalings van artikel 16 van genoemde Wet voldoen is, reël ek hierby aangeleenthede in verband met die Avalon-krematorium soos in die Bylae hierby uiteengesit.

Proklamasies

No 37 (Administrator's), 1989

PROCLAMATION

Under the powers vested in me by section 14(2)(a) of the Provincial Government Act, 1986 (Act No 69 of 1986), and after compliance with the provisions of section 16 of the said Act, I hereby regulate matters in connection with the Avalon Crematorium as set out in the Schedule hereto.

Hierdie Proklamasie is deur 'n staande komitee van die Parlement soos in die voorbehoudsbepaling by genoemde artikel 14(2)(a) bedoel, goedgekeur.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 12e dag van Julie, Eenduisend Negehonderd Nege-en-Tagtig.

D J HOUGH
Administrateur van die Provinsie Transvaal

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"die Avalon-kematorium" die krematorium geleë in die groepsgebied in Bylae 1 by Administrateurskennisgewing No 1456 van 30 Augustus 1972 omskryf;

"die Ordonnansie" die Krematorium-ordonnansie, 1965 (Ordonnansie No 18 van 1965).

Bevoegdheid in artikel 2(1) van Ordonnansie bedoel, geag ten opsigte van Avalon-krematorium verleen te wees, goedkeuring van terrein, planne, spesifikasies en aanstelling van mediese skeidsregter en adjunk-mediese skeidsregters en toestaan van registrasiesertifikaat.

2. Hierby word geag dat die Administrateur —

(a) kragtens artikel 2(1) van die Ordonnansie, met ingang van 1 April 1984, die bevoegdheid in daardie subartikel bedoel ten opsigte van die Avalon-krematorium verleen het;

(b) kragtens artikel 3(1) van die Ordonnansie, die terrein, planne en spesifikasies van die Avalon-krematorium goedgekeur het;

(c) kragtens artikel 3(2) van die Ordonnansie, 'n registrasiesertifikaat aan die eienaar van die Avalon-krematorium toegestaan het; en

(d) kragtens regulasie 9(3) van die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 11 van die Ordonnansie, die aanstelling van dr P Lingham as mediese skeidsregter en drr N V Mistry en R A Munshi as adjunk-mediese skeidsregtes goedgekeur het.

Bekragtiging van sekere handelinge

3. Enige verassing verrig en enige ander handeling verrig in verband met die bestuur, beheer, gebruik of instandhouding van die Avalon-krematorium voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie, wat ongeldig sou gewees het indien hierdie Proklamasie nie verorden was nie, word hierby bekragtig.

Kort titel

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Avalon-krematorium, 1989.

No 38 (Administrateurs-), 1989

PROKLAMASIE

WYSIGING VAN DIE ORDONNANSIE OP NATUURBEWARING, 1983 (ORDONNANSIE NO 12 van 1983)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14(2)(a) van die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet No 69 van 1986), en nadat aan die bepalings van artikel 16 van genoemde Wet voldoen is, wysig ek hierby die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1983 (Ordonnansie No 12 van 1983), soos in die Bylae hierby uiteengesit.

Hierdie proklamasie is deur 'n Staande Komitee van die

This Proclamation has been approved by a standing committee of Parliament as referred to in the proviso to the said section 14(2)(a).

Given under my Hand at Pretoria this 12th day of July, One thousand Nine hundred and Eighty-Nine.

D J HOUGH
Administrator of the Province of the Transvaal

SCHEDULE

Definitions

1. In this Proclamation, unless the context otherwise indicates —

"the Avalon Crematorium" means the crematorium situated in the group area defined in Annexure 1 to Administrator's Notice No 1456 of 30 August 1972;

"the Ordinance" means the Crematorium Ordinance, 1965 (Ordinance No 18 of 1965).

Power referred to in section 2(1) of Ordinance deemed to be granted in respect of Avalon Crematorium, approval of site, plans, specifications and appointment of medical referee and deputy medical referees and granting of certificate of registration.

2. It is hereby deemed that the Administrator has —

(a) under section 2(1) of the Ordinance, granted the power referred to in that subsection in respect of the Avalon Crematorium with effect from 1 April 1984;

(b) under section 3(1) of the Ordinance, approved the site, plans and specifications of the Avalon Crematorium;

(c) under section 3(2) of the Ordinance, granted a certificate of registration to the proprietor of the Avalon Crematorium; and

(d) under regulation 9(3) of the regulations made under section 11 of the Ordinance, approved the appointment of Dr P Lingham as medical referee and Drs N V Mistry and R A Munshi as deputy medical referees.

Validation of certain acts

3. Any cremation performed in and any other act done in connection with the management, control, use or maintenance of the Avalon Crematorium prior to the commencement of this Proclamation that would have been invalid had this Proclamation not been enacted, is hereby validated.

Short title

4. This Proclamation shall be called the Avalon Crematorium Proclamation, 1989.

No 38 (Administrator's), 1989

PROCLAMATION

AMENDMENT TO THE NATURE CONSERVATION ORDINANCE, 1983 (ORDINANCE NO 12 OF 1983)

Under the powers vested in me by section 14(2)(a) of the Provincial Government Act, 1986 (Act No 69 of 1986), and after compliance with the provisions of section 16 of the said act, I hereby amend the Nature Conservation Ordinance, 1983 (Ordinance No 12 of 1983), as set out in the Schedule hereto.

This proclamation has been approved by a standing com-

Parlement soos in die voorbehoudsbepaling by genoemde artikel 14(2)(a) bedoel, goedgekeur.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 12e dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-tagtig.

D J HOUGH
Administrateur van die Provinsie Transvaal

BYLAE

Wysiging van artikel 15 van Ordonnansie 12 van 1983.

1. Artikel 15 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1983 (hieronder die Ordonnansie genoem), word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Administrateur kan by kennisgewing in die Provinsiale Koerant Bylae 2, 3 of 4 by hierdie Ordonnansie wysig, vervang of herroep.".

Wysiging van artikel 17 van Ordonnansie 12 van 1983.

2. Artikel 17 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (c) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) 'n familielid van die eienaar van grond met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die eienaar gewone wild op die grond van die eienaar gedurende 'n oop-seisoen kan jag, en daardie familielid dra daardie toestemming by hom terwyl hy aldus op daardie grond jag;".

Wysiging van artikel 18 van Ordonnansie 12 van 1983.

3. Artikel 18 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (b) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) die eienaar van grond, of 'n familielid van hom of 'n okkupant van daardie grond, aan wie die eienaar skriftelike toestemming verleen het om op sy grond te jag, welke toestemming deur daardie familielid of okkupant by hom gedra word terwyl hy aldus op daardie grond jag —

(i) 'n buffel kan jag indien daar beeste op daardie grond aangehou word;

(ii) enige ander beskermde wilde dier gedurende die dag of nag kan jag terwyl dit besig is of op die punt staan om skade onder vee aan te rig of in die onmiddellike nabyheid is van die karkas van vee wat dit gedood of oënskynlik gedood het.".

Wysiging van artikel 23 van Ordonnansie 12 van 1983, soos gewysig, deur artikel 2 van Ordonnansie 11 van 1984.

4. Artikel 23 van die Ordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in paragraaf (a) van subartikel (1) die woord "soortgelyk" deur die woord "soortgelyke" te vervang; en

(b) deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

"Met dien verstande dat die eienaar van grond, of 'n familielid van hom of 'n okkupant van daardie grond, aan wie die eienaar skriftelike toestemming verleen het om op sy grond te jag, welke toestemming deur daardie familielid of okkupant by hom gedra word terwyl hy aldus op daardie grond jag, 'n leeu, luiperd, jagluiperd of wildehond wat soos in paragraaf (b)(iii) beoog,

mittee of Parliament as referred to in the proviso to the said section 14(2)(a).

Given under my hand at Pretoria, this 12th day of July, One thousand Nine hundred and Eighty-nine.

D J HOUGH
Administrator of the Province of the Transvaal

SCHEDULE

Amendment of section 15 of Ordinance 12 of 1983.

1. Section 15 of the Nature Conservation Ordinance, 1983 (hereinafter referred to as the ordinance), is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Administrator may by notice in the Provincial Gazette amend, substitute or repeal Schedule 2, 3 or 4 to this ordinance.".

Amendment of section 17 of Ordinance 12 of 1983.

2. Section 17 of the ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (c) of the proviso to subsection (1) of the following paragraph:

"(c) a relative of the owner of land may with the prior written permission of the owner hunt ordinary game on the land of the owner during an open season, and that relative shall carry the permission with him while he so hunts on that land;".

Amendment of section 18 of Ordinance 12 of 1983.

3. Section 18 of the ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of the proviso to subsection (1) of the following paragraph:

"(b) the owner of land, or a relative of his or an occupier of that land, to whom the owner has granted written permission to hunt on his land, which permission shall be carried by that relative or occupier with him while he so hunts on that land —

(i) may hunt a buffalo if cattle are kept on that land;

(ii) may hunt any other protected wild animal during the day or night while it is causing or is about to cause damage to stock or is in the immediate vicinity of the carcass of stock which it has or apparently has killed.".

Amendment of section 23 of Ordinance 12 of 1983, as amended by section 2 of Ordinance 1 of 1984.

4. Section 23 of the Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution in the Afrikaans text of paragraph (a) of subsection (1) for the word "soortgelyk" of the word "soortgelyke"; and

(b) by the substitution for the proviso to subsection (1) of the following proviso:

"Provided that the owner of land, or a relative of his or an occupier of that land, to whom the owner has granted written permission to hunt on his land, which permission shall be carried by that relative or occupier with him while he so hunts on that land, may hunt a lion, leopard, cheetah or wild dog allured as contemplated in para-

aangelok is en wat in die onmiddellike nabyheid is van die karkas van vee wat dit gedood of oënskynlik gedood het, kan jag.".

Wysiging van artikel 29 van Ordonnansie 12 van 1983.

5. Artikel 29 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie mag niemand 'n uitheemse dier jag of vang nie tensy hy vooraf die skriftelike toestemming van die eienaar van die grond waarop hy die dier jag of vang, verkry het, en daardie persoon dra daardie toestemming by hom terwyl hy aldus op daardie grond jag of vang.".

Wysiging van artikel 38 van Ordonnansie 12 van 1983, soos gewysig, deur artikel 3 van Ordonnansie 11 van 1984.

6. Artikel 38 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) deur die eienaar van die grond indien hy die wild ingevolge hierdie Ordonnansie gejag het of deur iemand namens hom wat, wanneer hy daardie wild vervoer, 'n dokument van die eienaar by hom dra wat die volgende besonderhede bevat:

(i) die naam en adres van die eienaar;

(ii) 'n omskrywing van die grond waarop die wild gejag is;

(iii) die soorte en getalle wild wat vervoer word;

(iv) die bestemming van die wild;

(v) die naam van die persoon wat die wild vervoer;

(vi) die handtekening van die eienaar en die datum waarop die eienaar die dokument geteken het;".

Wysiging van artikel 43 van Ordonnansie 12 van 1983.

7. Artikel 43 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Administrateur kan by kennisgewing in die Provinsiale Koerant Bylae 5 by hierdie Ordonnansie wysig, vervang of herroep.".

Wysiging van artikel 44 van Ordonnansie 12 van 1983, soos gewysig, deur artikel 4 van Ordonnansie 11 van 1984.

8. Artikel 44 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel vervang:

"(2) Die Administrateur kan by kennisgewing in die Provinsiale Koerant Bylae 6 by hierdie Ordonnansie wysig, vervang of herroep.".

Wysiging van artikel 45 van Ordonnansie 12 van 1983.

9. Artikel 45 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Administrateur kan by kennisgewing in die Provinsiale Koerant Bylae 7 by hierdie Ordonnansie wysig, vervang of herroep.".

Wysiging van artikel 56 van Ordonnansie 12 van 1983.

10. Artikel 56 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Administrateur kan by kennisgewing in die Provinsiale Koerant Bylae 8 by hierdie Ordonnansie wysig, vervang of herroep.".

Wysiging van artikel 63 van Ordonnansie 12 van 1983.

11. Artikel 63 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

graph (b)(iii) and which is in he immediate vicinity of the carcass of stock which it has or apparently has killed.".

Amendment of section 29 of Ordinance 12 of 1983.

5. Section 29 of the ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the provisions of this ordinance, no person shall hunt or catch an exotic animal unless he has obtained the written permission of the owner of the land on which he hunts or catches the animal beforehand, and that person shall carry that permission with him while he so hunts or catches on that land.".

Amendment of section 38 of Ordinance 12 of 1983, as amended by section 3 of Ordinance 11 of 1984.

6. Section 38 of the ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the proviso to subsection (1) of the following paragraph:

"(a) by the owner of the land if he has hunted the game in terms of this ordinance or by any person on his behalf who shall carry with him, when he conveys that game, a document from the owner which shall contan the following particulars:

(i) the name and address of the owner:

(ii) a description of the land on which the game was hunted;

(iii) the species and number of game to be conveyed;

(iv) the destination of the game;

(v) the name of the person who conveys the game;

(vi) the signature of the owner and the date on which the owner signed the document;".

Amendment of section 43 of Ordinance 12 of 1983.

7. Section 43 of the ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Administrator may by notice in the Provincial Gazette amend, substitute or repeal Schedule 5 to this ordinance.".

Amendment of section 44 of Ordinance 12 of 1983, as amended by section 4 of Ordinance 11 of 1984.

8. Section 44 of the ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Administrator may be by notice in the Provincial Gazette amend, substitute or repeal Schedule 6 to this ordinance.".

Amendment of section 45 of Ordinance 12 of 1983.

9. Section 45 of the ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Administrator may by notice in the Provincial Gazette amend, substitute or repeal Schedule 7 to this ordinance.".

Amendment of section 56 of Ordinance 12 of 1983.

10. Section 56 of the ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsections:

"(2) The Administrator may by notice in the Provincial Gazette amend, substitute or repeal Schedule 8 to this ordinance.".

Amendment of section 63 of Ordinance 12 of 1983.

11. Section 63 of the Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Die Administrateur kan iemand skriftelik magtig om die navorsing wat hy bepaal op 'n probleemdier, of 'n wilde dier of 'n uitheemse dier waarvan die naam, na die mening van die Administrateur ingevolge artikel 56(2) in Bylae 8 by hierdie Ordonnansie ingesluit kan word en wat hy insgelyks bepaal, te doen.".

Wysiging van artikel 85 van Ordonnansie 12 van 1983.

12. Artikel 85 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Administrateur kan by kennisgewing in die Provinsiale Koerant Bylae 10 by hierdie Ordonnansie wysig, vervang of herroep.".

Wysiging van artikel 86 van Ordonnansie 12 van 1983.

13. Artikel 86 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Administrateur kan by kennisgewing in die Provisiale Koerant Bylae 11 of 12 by hierdie Ordonnansie wysig, vervang of herroep.".

Wysiging van artikel 97 van Ordonnansie 12 van 1983, soos gewysig, deur artikel 6 van Proklamasie 61 van 4 November 1987.

14. Artikel 97 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) die uitdrukking "Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Soort Wilde Fauna en Flora (Washington DC 1973)" deur die uitdrukking "Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Soorte Wilde Fauna en Flora (Washington DC 1973)" te vervang.

Kort titel

15. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op Natuurbewaring, 1989.

No 39 (Administrateurs-) 1989

PROKLAMASIE

WYSIGING VAN DIE ORDONNANSIE OP PERDEWEDRENNE EN WEDDENSKAPPE, 1978 (ORDONNANSIE NO 24 VAN 1978)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14(2)(a) van die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet No 69 van 1986), en nadat aan die bepalings van artikel 16 van genoemde Wet voldoen is, wysig ek hierby die ordonnansie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1978 (Ordonnansie No 24 van 1978), soos in die Bylae hierby uiteengesit.

Hierdie Proklamasie is deur 'n staande komitee van die Parlement soos in die voorbehoudsbepaling by genoemde artikel 14(2)(a) bedoel, goedgekeur.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 12e dag van Julie, Eenduisend Negehonderd Nege-en-Tagtig.

D J HOUGH
Administrateur van die Provinsie Transvaal

BYLAE

Wysiging van artikel 42 van Ordonnansie 24 van 1978

1. Artikel 42 van die Ordonnansie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1978, word hierby gewysig deur die woord "Hoofstuk" deur die woord "Ordonnansie" te vervang.

Kort titel

2. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1989.

"(1) The Administraor may authorize any person in writing to do such research as he may determine on a problem animal, or a wild animal or an exotic animal the name of which may, in the opinion of the Administrator, be included in Schedule 8 to this ordinance in terms of section 56(2) and which he likewise determines.".

Amendment of section 85 of Ordinance 12 of 1983.

12. Section 85 of the ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Administrator may by notice in the Provincial Gazette amend, substitute or repeal Schedule 10 to this ordinance.".

Amendment of section 86 of Ordinance 12 of 1983.

13. Section 86 of the ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Administrator may by notice in the Provincial Gazette amend, substitute or repeal Schedule 11 or 12 to this ordinance.".

Amendment of setion 97 of Ordinance 12 of 1983, as amended by section 6 of Proclamation 61 of 4 November 1987.

14. Section 97 of the ordinance is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the expression "Convention on International Trade in Endangered Wild Fauna and Flora (Washington DC 1973)" of the expression "Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora (Washington DC 1973)".

Short title.

15. This Proclamation shall be called the Nature Conservation Amendment Proclamation, 1989.

No 39 (Administrator's), 1989

PROCLAMATION

AMENDMENT TO THE HORSE-RACING AND BETTING ORDINANCE, 1978 (ORDINANCE NO 24 OF 1978)

Under the powers vested in me by section 14(2)(a) of the Provincial Government Act, 1986 (Act No 69 of 1986), and after compliance with the provisions of section 16 of the said Act, I hereby amend the Horse-racing and Betting Ordinance, 1978 (Ordinance No 24 of 1978), as set out in the Schedule hereto.

This Proclamation has been approved by a standing committee of Parliament as referred to in tie proviso to the said section 14(2)(a).

Given under my Hand at Pretoria, this 12th day of July, One thousand Nine hundred and Eighty-Nine.

D J HOUGH
Administrator of the Province of Transvaal

SCHEDULE

Amendment of section 42 of Ordinance 24 of 1978

1. Section 42 of the Horse-racing and Betting Ordinance, 1978, is hereby amended by the substitution for the word "Chapter" of the word "Ordinance".

Short title

2. This Proclamation shall be called the Horse-racing and Betting Amendment Proclamation, 1989.

No 40 (Administrateurs-) 1989

PROKLAMASIE

WYSIGING VAN DIE PADORDONNANSIE, 1957 (ORDONNANSIE NO 22 VAN 1957)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14(2)(a) van die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet No 69 van 1986), en nadat die bepalings van artikel 16 van genoemde Wet voldoen is, wysig ek hierby die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No 22 van 1957), soos in die Bylae hierby uiteengesit.

Hierdie Proklamsie is deur 'n staande komitee van die Parlement soos in die voorbehoudsbepaling by genoemde artikel 14(2)(a) bedoel, goedgekeur.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 12e dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-tagtig.

D J HOUGH
Administrateur van die Provinsie Transvaal

BYLAE

Wysiging van artikel 8 van Ordonnansie 22 van 1957, soos vervang deur artikel 5 van Ordonnansie 16 van 1981 en gewysig deur artikel 7 van Ordonnansie 14 van 1984.

1. Artikel 8 van die Padordonnansie, 1957 (hieronder die Ordonnansie genoem), word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Waar die Administrateur ingevolge subartikel (1) —

(a) grond tydelik in besit neem vir —

(i) die oprigting of aanleg van enige gebou, tent of ander struktuur vir die huisvesting van beamptes en arbeiders wat op paaie werksaam is of ander werk in verband daarmee verrig;

(ii) die opberging daarop van enige voorrade, gereedskap, masjinerie, uitrusting of enigiets anders wat die Administrateur nodig ag vir die aanleg en instandhouding van enige pad, betaal die Administrateur aan die eienaar die huurgeld waartoe onderling ooreengekom word;

(b) grond betree of tydelik in besit neem vir enige doel in verband met die aanleg of instandhouding van enige pad, en die eienaar as gevolg daarvan skade ly, betaal die Administrateur aan die eienaar die skadevergoeding waartoe onderling ooreengekom word,

of, by onstentenis van sodanige ooreenkoms, wat ooreenkomstig artikel 14 van die Onteieningswet, 1975, vasgestel word, in welke geval koste ooreenkomstig artikel 15 van genoemde Wet bereken en toegeken word.".

Wysiging van artikel 20 van Ordonnansie 22 van 1957, soos vervang deur artikel 7 van Ordonnansie 20 van 1976 en gewysig deur artikel 3 van Ordonnansie 21 van 1977 en artikel 10 van Ordonnansie 14 van 1984.

2. Artikel 20 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur in paragraaf (c) na die uitdrukking "rusplekke," die uitdrukking "parkeerterreine, stilhouplekke," in te voeg.

3. Hierdie Proklamasie heet die Padwysigingsproklamasie, 1989.

No 40 (Administrator's) 1989

PROCLAMATION

AMENDMENT TO THE ROADS ORDINANCE, 1957 (ORDINANCE NO 22 OF 1957)

Under the powers vested in me by section 14(2)(a) of the Provincial Government Act, 1986 (Act No 69 of 1986), and after compliance with the provisions of section 16 of the said Act, I hereby amend the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No 22 of 1957), as set out in the Schedule hereto.

This Proclamation has been approved by a standing committee of Parliament as referred to in the proviso to the said section 14(2)(a).

Given under my Hand at Pretoria, this 12th day of July One thousand Nine hundred and Eighty-nine.

D J HOUGH
Administrator of the Province of the Transvaal

SCHEDULE

Amendment of section 8 of Ordinance 22 of 1957, as substituted by section 5 of Ordinance 16 of 1981 and amended by section 7 of Ordinance 14 of 1984.

1. Section 8 of the Roads Ordinance, 1957 (hereinafter referred to as the Ordinance), is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Where the Administrator, in terms of subsection (1) —

(a) takes possession temporarily of land for —

(i) the erection or construction of any building, tent or other structure for the accommodation of officers and labourers employed on roads or executing other work in connection therewith;

(ii) the storing thereon of any stores, plant, machinery, equipment or anything else which the Adminstrator may deem necessary for the construction and maintenance of any road, the Administrator shall pay to the owner such rental as may be mutually agreed upon:

(b) enters upon or takes possession temporarily of land for any purpose in connection with the construction or maintenance of any road, and the owner suffers damage as a result thereof, the Administrator shall pay to the owner such damages as may be mutually agreed upon,

or, failing such agreement, as may be determined in accordance with section 14 of the Expropriation Act, 1975, in which case costs shall be calculated and awarded in accordance with section 15 of the said act.".

Amendment of section 20 of Ordinance 22 of 1957, as substituted by section 7 of Ordinance 20 of 1976 and amended by section 3 of Ordinance 21 of 1977 and section 10 of Ordinance 14 of 1984.

2. Section 20 of the Ordinance is hereby amended by the insertion in paragraph (c) after the expression "resting places," of the expression "parking-sites, stopping places.".

3. This proclamation shall be called the Roads Amendment Proclamation, 1989.

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 544 26 Julie 1989

OPHEFFING VAN DIE SKUT TE LOT T5 MNYAMA, PONGOLA

Ingevolge artikel 17(1) van die Ordonnansie op Skutte, 1972 (Ordonnansie 13 van 1972), hef die Administrateur hierby die skut te Lot T5 Mnyama, Pongola, op.

TW/5/6/2/173

Administrateurskennisgewing 545 26 Julie 1989

WOONGEBIED VAN ITEKENG (BIESIESVLEI): VERORDENINGE BETREFFENDE DIE VORDERING VAN BEDRAE VIR DIENSTE EN VIR DIE GEBRUIK VAN FASILITEITE

Ek, Daniël Jacobus Hough, Administrateur van die Provinsie van Transvaal, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 27(4) van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982) saamgelees met artikels 31 en 44 van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), kondig hierby die verordeninge vir die woongebied van Itekeng vervat in bygaande Bylae af en bepaal dat dit op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

D J HOUGH
Administrateur van die Provinsie Transvaal

Lêer GO 18/1/3/3/303

BYLAE

WOONGEBIED VAN ITEKENG (BIESIESVLEI): VERORDENINGE BETREFFENDE DIE VORDERING VAN BEDRAE VIR DIENSTE EN VIR DIE GEBRUIK VAN FASILITEITE

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk beteken —

"dienste", elektrisiteit, water, riolerings- en vullisverwyderingsdienste deur die plaaslike owerheid gelewer, beskikbaar gestel of voorsien;

"diverse dienstegelde" 'n bedrag ter bestryding van die koste met betrekking tot dienste deur die plaaslike owerheid voorsien;

"handelsperseel" 'n perseel afgesonder vir handels-, besigheids- of beroepsdoeleindes;

"houer" 'n persoon aan wie 'n perseel, woning, gebou of ander struktuur toegewys is, die houer van 'n reg van huurpag of iemand wat 'n ooreenkoms of transaksie aangegaan het vir die verkryging van grond of 'n perseel of van 'n reg op of belang in grond of 'n perseel;

"perseel" sluit in 'n woning, gebou of ander struktuur wat op sodanige perseel opgerig is;

"plaaslike owerheid" vir doeleindes van hierdie verordeninge die Administrateur van die Provinsie Transvaal of die persoon wat deur hom gemagtig is om namens hom op te tree;

"verbruiker" 'n persoon aan wie of tot wie se voordeel dienste gelewer of voorsien word ongeag of sodanige dienste benut word en indien daar geen sodanige persoon is nie, die houer; en

Administrator's Notices

Administrator's Notice 544 26 July 1989

DISESTABLISHMENT OF THE POUND ON LOT T5 MNYAMA, PONGOLA

In terms of section 17(1) of the Pounds Ordinance, 1972 (Ordinance 13 of 1972), the Administrator hereby disestablishes the pound on Lot T5 Mnyama, Pongola.

TW 5/6/2/173

Administrator's Notice 545 26 July 1989

TOWNSHIP OF ITEKENG (BIESIESVLEI): BY-LAWS RELATING TO THE MAKING OF CHARGES FOR SERVICES AND FOR THE USE OF FACILITIES

I, Daniël Jacobus Hough, Administrator of the Province of the Transvaal, do hereby, by virtue of the powers vested in me by section 27(4) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982) read with sections 31 and 44 of the Black Communities Developments Act, 1984 (Act 4 of 1984), publish the by-laws for the township of Itekeng contained in the accompanying Schedule and determine that they shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

D J HOUGH
Administrator of the Province of the Transvaal

File GO 18/1/3/3/303

SCHEDULE

TOWNSHIP OF ITEKENG: BY-LAWS RELATING TO THE MAKING OF CHARGES FOR SERVICES AND THE USE OF FACILITIES

DEFINITIONS

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

"consumer" means a person to whom or for whose benefit services are provided or made available, irrespective whether such services are utilised and, if there is no such person, the holder;

"holder" means a person to whom a site, dwelling, building or other structure has been allocated, the holder of a right of leasehold or a person who has entered into an agreement or transaction for the acquisition of land or a site or a right to or an interest in land or a site;

"local authority" for the purpose of these by-laws, means the Administrator of the Province of the Transvaal or the person authorised by him to act on his behalf;

"miscellaneous services charges" means an amount to defray the cost in respect of services provided or supplied by the local authority;

"site" shall include a dwelling, building or other structure erected on such site;

"services" means the electricity, water, sewage and refuse removal services supplied, made available or provided by the local authority;

"township" means the area proclaimed a development area under Government Notice 1816 of 2 November 1962, known as Itekeng; and

"woongebied" die gebied wat by Goewermentskennisgewing 1816 van 2 November 1962 as ontwikkelingsgebied afgesonder is, bekend as Itekeng.

DIVERSE DIENSTEGELDE

2. Die houer betaal vir elke maand of 'n gedeelte daarvan aan die plaaslike owerheid die toepaslike diverse dienstegelde hieronder uiteengesit ten opsigte van elke perseel waarvan hy die houer is:

Tipe perseel	*Bedrag betaalbaar*
(a) Woon- of kerkperseel	R 9,00
(b) Handelsperseel waarop 'n gebou deur die houer opgerig is	R15,00
(c) Handelsperseel waarop 'n gebou deur die plaaslike owerheid opgerig is en wat toegewys is vir die doel van —	
(i) 'n algemene handelsaak, slaghuis, kafee, eethuis, begrafnisondernemer of melkdepot	R25,00
(ii) enige ander bedryf, besigheid, professie of beroep	R20,00

WATER

3.(1) 'n Verbruiker betaal aan die plaaslike owerheid 'n bedrag van R1,50 per maand of gedeelte daarvan ten opsigte van elke perseel wat nie by die hoofwatertoevoerleiding aangesluit is nie.

(2) 'n Verbruiker betaal aan die plaaslike owerheid 'n bedrag van R5,00 per maand of gedeelte daarvan ten opsigte van elke perseel wat by die hoofwatertoevoerleiding aangesluit is, plus 'n bedrag van R0,35 per kiloliter water gelewer sedert die vorige meteraflesing.

(3) 'n Persoon betaal aan die plaaslike owerheid by aansoek om 'n aansluiting by die hoofwatertoevoerleiding, die werklike koste van sodanige aansluiting plus 10 % daarvan.

(4) 'n Verbruiker betaal vooruit aan die plaaslike owerheid 'n bedrag van R10,00 vir elke heraansluiting van die watertoevoer na diensopskorting weens wanbetaling van enige gelde.

(5) 'n Verbruiker betaal aan die plaaslike owerheid 'n bedrag van R10,00 vir elke toetsing van 'n watermeter op versoek van die verbruiker tensy sodanige meter 'n afwyking van meer as 5 % toon.

RIOLERINGS- EN NAGVUILVERWYDERINGSDIENSTE

4. 'n Verbruiker betaal aan die plaaslike owerheid 'n bedrag van R1,75 per emmer per maand of gedeelte daarvan vir die verwydering van rioolvuil twee keer per week.

VULLISVERWYDERING

5. 'n Verbruiker betaal aan die plaaslike owerheid 'n bedrag van R1,75 per vullishouer per maand of gedeelte daarvan vir die verwydering van vullis twee keer per week.

HUISVESTING

6. 'n Inwoner van 'n tehuis betaal vooruit aan die plaaslike owerheid die toepaslike bedrag soos hieronder uiteengesit:

(a) R8,00 per bed per maand of gedeelte daarvan, indien water- of elektrisiteitsvoorsiening nie apart gemeet word nie;

(b) R2,00 per bed per maand of gedeelte daarvan, indien water- of elektrisiteitsvoorsiening apart gemeet word.

"trading site" means as site set aside for trading, business or professional purposes.

MISCELLANEOUS SERVICES CHARGES

2. The holder shall pay for each month or part thereof to the local authority the appropriate miscellaneous services charges as set forth hereunder in respect of each site of which he is the holder:

Type of site	*Amount payable*
(a) Residential or church site	R 9,00
(b) Trading site, on which a building has been erected by the holder	R15,00
(c) Trading site on which a building has been erected by the local authority and which has been allocated for the purpose of —	
(i) a general dealer, butchery, cafe, eating house, funeral undertaker or milk depot	R25,00
(ii) any other trade, business, profession or occupation	R20,00

WATER

3.(1) A consumer shall pay to the local authority an amount of R1,50 per month or part thereof in respect of each site which is not connected to the main water supply system.

(2) A consumer shall pay to the local authority an amount of R5,00 per month or part thereof in respect of each site connected to the main water supply system, plus an amount of R0,35 for each kilolitre of water supplied since the previous meter reading.

(3) A consumer shall pay to the local authority on application for a connection to the main water supply system the actual cost of such connection plus 10 %.

(4) A consumer shall pay in advance to the local authority an amount of R10,00 for each reconnection of the water supply after a disconnection due to non-payment of any charges.

(5) A consumer shall pay to the local authority an amount of R10,00 for each testing of a water meter carried out at the request of such consumer unless such meter shows a deviation of more than 5 %.

SEWAGE AND NIGHT SOIL REMOVAL SERVICES

4. A consumer shall pay to the local authority an amount of R1,75 per bucket per month or part thereof for the removal of night soil twice per week.

REFUSE REMOVAL

5. A consumer shall pay to the local authority an amount of R1,75 per refuse container per month or part thereof for the removal of refuse twice per week.

ACCOMMODATION

6. A resident of a hostel shall pay to the local authority the appropriate amount set forth hereunder:

(a) R8,00 per bed per month or part thereof if water or electricity supply is not separately metered.

(b) R2,00 per bed per month or part thereof if water or electricity supply is separately metered.

BEGRAAFPLAASGELDE

7. 'n Persoon wat om die betrokke diens aansoek doen, betaal vooruit aan die plaaslike owerheid die toepaslike bedrag hieronder uiteengesit:

(a) Vir die teraardebestelling van die lyk van 'n persoon wat ten tyde van sy dood 'n inwoner van die woongebied was, waar —

(i) die persoon twaalf jaar oud of ouer was: R8,00; of

(ii) die persoon jonger as twaalf jaar oud was: R5,00.

(b) Vir die teraardebestelling van die lyk van 'n persoon wat ten tyde van sy dood nie 'n inwoner van die woongebied was nie, waar —

(i) sodanige persoon twaalf jaar oud of ouer was: R15,00; of

(ii) sodanige persoon jonger as twaalf jaar oud was: R10,00.

(c) Vir die opgrawing van 'n lyk, waar —

(i) sodanige persoon twaalf jaar oud of ouer was: R20,00; of

(ii) sodanige persoon jonger as twaalf jaar oud was: R12,00.

(d) Vir die reservering van 'n grafperseel: R10,00.

BOUTOESIGGELDE

8. 'n Persoon wat om 'n boupermit aansoek doen, betaal by aansoek aan die plaaslike owerheid 'n bedrag van R30,00 ten opsigte van toesig deur die plaaslike owerheid oor die oprigting, verandering van of aanbouing aan enige gebou of ander struktuur: Met dien verstande dat indien die aansoek om 'n boupermit geweier word, genoemde bedrag aan sodanige persoon terugbetaal word.

DUPLIKAATDOKUMENTE

9. 'n Persoon wat om 'n duplikaatdokument aansoek doen, betaal by aansoek aan die plaaslike owerheid 'n bedrag van R2,00 vir elke bladsy van sodanige duplikaatdokument deur die plaaslike owerheid uitgereik.

ONTSPANNINGSTERREINE

10. 'n Persoon wat om die gebruik van die ontspanningsterrein aansoek doen betaal vooruit aan die plaaslike owerheid die toepaslike bedrag hieronder uiteengesit:

(a) Omheinde ontspanningsterrein, per geleentheid gebruik: R15,00.

(b) Nie-omheinde ontspanningsterrein vir tydelike gebruik per week of gedeelte daarvan R80,00 plus die bedrag in regulasies 4 en 5 bepaal.

GOEDKEURING VAN BOUPLANNE

11. 'n Persoon wat aansoek doen om die goedkeuring van bouplanne betaal by aansoek aan die plaaslike owerheid die toepaslike bedrag hieronder uiteengesit:

(a) Nuwe woning: R30,00.

(b) Aanbouings aan 'n woning —

(i) tot drie vertrekke: R20,00;

((ii) vier vertrekke of meer: R30,00.

(c) 'n Besigheids- of kerkgebou: R50,00.

(d) Aanbouings aan 'n besigheids- of kerkgebou: R25,00.

DATUM EN PLEK VAN BETALING

12.(1) Enige bedrag betaalbaar aan die plaaslike owerheid

CEMETERY CHARGES

7. A person applying for the service concerned shall pay in advance to the local authority the appropriate amount set forth hereunder:

(a) For the interment of the body of a person who at the time of his death was a resident of the township, where —

(i) such person was twelve years of age or older: R8,00; or

(ii) such person was less than twelve years old: R5,00.

(b) For the interment of the body of a person who at the time of his death was not a resident of the township, where —

(i) such person was twelve years of age or older: R15,00; or

(ii) such person was less than twelve years old: R10,00.

(c) For the exhumation of a body, where —

(i) such person was twelve years of age or older: R20,00; or

(ii) such person was less than twelve years old: R12,00.

(d) For the reservation of a grave site: R10,00.

BUILDING SUPERVISION CHARGES

8. A person applying for a building permit shall pay on application to the local authority an amount of R30,00 in respect of supervision by the local authority of the erection alteration of, or the addition to any building or other structure: Provided that if the application for a building permit is refused the said amount shall be refunded to such person.

DUPLICATE DOCUMENTS

9. A person applying for a duplicate document shall on application pay to the local authority an amount of R2,00 for each page of such duplicate document issued by the local authority.

RECREATION GROUNDS

10. A person who applies for the use of recreation grounds shall pay in advance to the local authority the appropriate amount set forth hereunder:

(a) Fenced in recreation grounds, per occasion used: R15,00.

(b) Not fenced in recreation grounds, for temporary use per week or part thereof R80,00 plus the charges determined in regulations 4 and 5.

APPROVAL OF BUILDING PLANS

11. A person applying for the approval of building plans shall pay on application to the local authority the appropriate amount set forth hereunder:

(a) A new dwelling: R30,00.

(b) Additions to a dwelling —

(i) up to three rooms; R20,00;

(ii) four rooms or more: R30,00.

(c) Business or church building: R50,00.

(d) Additions to a business or church building: R25,00.

DATE AND PLACE OF PAYMENT

12.(1) Any amount payable to the local authority under

kragtens hierdie verordeninge word betaal gedurende kantoorure by die kantoor van die plaaslike owerheid wat vir die doel afgesonder is.

(2) Behalwe soos andersins in hierdie verordeninge bepaal, word enige bedrag betaalbaar kragtens hierdie verordeninge betaal voor of op die sewende dag van die maand wat volg op die datum van inwerkingtreding van hierdie verordeninge en daarna voor of op die sewende dag van elke daaropvolgende maand.

WANBETALING VAN GELDE

13. Indien enigeen versuim om enige bedrag wat ingevolge hierdie verordeninge betaalbaar is, te betaal binne 30 dae nadat sodanige betaling verskuldig is, kan die plaaslike owerheid sonder benadeling van enige ander regsmiddel tot sy beskikking —

(a) enige of alle dienste aan die betrokke houer of verbruiker opskort totdat alle agterstallige bedrae ten volle betaal is;

(b) sodanige regstappe doen wat nodig is om sodanige agterstallige bedrae te verhaal;

(c) enige koste, insluitende prokureur- en kliëntkoste aangegaan vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae, op sodanige persoon verhaal.

HERROEPING EN VOORBEHOUDE

14.(1) Die bepalings van hierdie verordeninge vervang die ooreenstemmende bepalings van enige voorafgaande regulasie, bepaling of maatreël wat in die betrokke ontwikkelingsgebied van toepassing mag wees.

(2) Niks in hierdie verordeninge vervat, onthef enige persoon van aanspreeklikheid vir die betaling van enige gelde of verhinder enige stappe wat kragtens wet gedoen kan word as gevolg van die versuim om sodanige betalings te maak nie.

Administrateurskennisgewing 546 26 Julie 1989

DORPSKOMITEE VAN DUDUZA

VERORDENINGE BETREFFENDE DIE VORDERING VAN BEDRAE VIR DIENSTE EN DIE GEBRUIK VAN FASILITEITE

Ek, Daniël Jacobus Hough, Administrateur van die Provinsie Transvaal, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 27(4) van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982), kondig hierby die verordeninge vervat in die bygaande Bylae af en bepaal dat dit op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan in werking tree, en herroep die verordeninge vervat in Administrateurskennisgewing 1141 van 28 September 1988 vanaf die datum waarop hierdie verordeninge in werking tree.

D J HOUGH
Administrateur van die Provinsie Transvaal

GO 18/1/3/3/314

BYLAE

DORPSKOMITEE VAN DUDUZA

VERORDENINGE BETREFFENDE DIE VORDERING VAN BEDRAE VIR DIENSTE EN DIE GEBRUIK VAN FASILITEITE

Woordomskrywing

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"besigheidsperseel" 'n perseel afgesonder, toegeken of ge-

these by-laws shall be paid during office hours at an office of the local authority made available for that purpose:

(2) Notwithstanding any other provision contained in these by-laws, any amount payable under these by-laws shall be paid on or before the seventh day of the month following the date on which these by-laws come into operation and shall thereafter be payable on or before the seventh day of each and every succeeding month.

NON PAYMENT OF CHARGES

14. Should any person fail to pay any amount payable under these by-laws within 30 days after such amount has become due, the local authority may without prejudice to any other legal remedy at its disposal —

(a) discontinue any or all services to such holder or consumer until all arrear amounts have been paid in full;

(b) take such legal action as may be necessary in order to recover such arrear amounts; and

(c) recover from such person any cost, including attorney and client cost, incurred in the collection of such arrear amounts.

REPEAL AND RESERVATIONS

15.(1) The provisions of these by-laws shall replace the corresponding provisions of any preceding regulation, determination or measure which may be applicable in the development area concerned.

(2) Nothing contained in these by-laws shall absolve any person from liability for the payment of any moneys or preclude any steps which by law may be taken in consequence of the failure to make such payments.

Administrator's Notice 546 26 July 1989

TOWN COMMITTEE OF DUDUZA

BY-LAWS RELATING TO THE MAKING OF CHARGES FOR SERVICES AND THE USE OF FACILITIES

I, Daniël Jacobus Hough, Administrator of the Province of the Transvaal do hereby, by virtue of the powers vested in me by section 27(4) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), publish the by-laws contained in the Schedule hereto and determine that they shall come into opeation on the first day of the month following the date of publication hereof, and repeal the by-laws contained in Administrator's Notice 1141 of 28 September 1988 from the date on which these by-laws come into operation.

D J HOUGH
Administrator of the Province of the Transvaal

GO 18/1/3/3/314

SCHEDULE

TOWN COMMITTEE OF DUDUZA

BY-LAWS RELATING TO THE MAKING OF CHARGES FOR SERVICES AND THE USE OF FACILITIES

Definitions

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

"business consumer" means a consumer who occupies a business site;

bruik vir handels-, besigheids- of beroepsdoeleindes en sluit enige perseel wat gebruik word vir 'n drankwinkel of biersaal of gelisensieer vir die verkoop van drank in;

"besigheidsverbruiker" 'n verbruiker wat 'n besigheidsperseel okkupeer;

"dorpskomitee" die Dorpskomitee van Duduza ingestel by Goewermentskennisgewing R1306 van 22 Junie 1979 en, met betrekking tot enige handeling wat verrig is of verrig moet word, die toepaslike departement of persoon in diens van die dorpskomitee;

8. Waar daar 'n verandering, uitgesonderd 'n verandering soos die waarna in reël 7 verwys word, in die aard van die okkupasie of die gebruik van 'n perseel plaasvind, en so 'n verandering meebring dat 'n ander tarief ingevolge hierdie Bylae daarop van toepassing gemaak moet word, oorweeg die Raad geen eis vir die aansuiwering van 'n rekening wat reeds gelewer is of die terugbetaling van gelde wat ingevolge hierdie Bylae betaal is nie, tensy die Raad binne 30 dae nadat so 'n verandering plaasgevind het, skriftelik daarvan in kennis gestel is.

9. Ten einde die toepaslike tarief en die bedrag betaalbaar ten opsigte van 'n perseel wat met die straatriool verbind is of daardeur bedien word, te bepaal, wys die ingenieur die kategorie in Deel III van hierdie Bylae waarin elke gedeelte van die perseel vir heffingsdoeleindes ressorteer, aan

10. In die geval van persele of plekke wat met die Raad se straatriool verbind is, en wat nie ressorteer onder enigeen van die kategorieë wat in hierdie Bylae uiteengesit word nie, moet die geld, met inagneming van die aard van die perseel, bereken word om so na as moontlik ooreen te stem met die bepalings van hierdie Bylae.

11. Die eienaar van enige perseel wat buite die munisipaliteit geleë is en regstreeks met 'n straatriool van die Raad verbind is, en nie deur middel van die straatriool van 'n ander plaaslike bestuur nie, moet al die toepaslike gelde wat in hierdie Bylae uiteengesit of aangegee word, benewens 'n toeslag van 25 % daarop betaal.

DEEL II

BASIESE GELDE TEN OPSIGTE VAN BESKIKBARE STRAATRIOLE

1. Indien 'n stuk grond, of daar verbeterings op is of nie, verbind is met 'n straatriool wat deur die Raad beheer word, of na die mening van die Raad met so 'n straatriool verbind kon of kan word, word die eienaar van die stuk grond geag die gebruiker te wees en moet hy aan die Raad maandeliks vooruit 'n basiese geld betaal, bereken volgens die oppervlakte van sodanige stuk grond op die onderstaande basis:

	Per maand R
(1) Vir die eerste 1 000 m² of gedeelte daarvan per 100 m² of gedeelte daarvan	1,33
(2) Vir die volgende 1 000 m² of gedeelte daarvan per 100 m² of gedeelte daarvan	1,16
(3) Vir die volgende 4 000 m² of gedeelte daarvan per 500 m² of gedeelte daarvan	4,64
(4) Vir die volgende 14 000 m² of gedeelte daarvan per 1 000 m² of gedeelte daarvan	4,64
(5) Vir die balans van sodanige oppervlakte, per 2 000 m² of gedeelte daarvan	4,64

Met dien verstande dat die minimum maandelikse basiese heffing met betrekking tot enige stuk grond R6,67 per maand is: Voorts met dien verstande dat die maksimum basiese heffing ten opsigte van enige stuk landbougrond en enige spesiale woonerf in 'n dorp R26,68 per maand is.

2. Waar twee of meer aangrensende en belendende stukke grond aan dieselfde eienaar behoort, word die basiese gelde bereken en is betaalbaar vir elke sodanige stuk grond, ongeag of elke sodanige stuk grond afsonderlik of individueel van 'n rioolaansluiting voorsien is, al dan nie.

3. Geen basiese gelde is betaalbaar ten opsigte van enige stuk grond wat buite 'n geproklameerde dorp geleë is nie, indien dit —

(a) grond is wat as myngrond geproklameer is en nie daarna deproklameer is nie waarvan die oppervlaktereg geregistreer is in die naam van die houer van die reg om die edelmetale wat onder die terrein geleë is te ontgin; of

(b) grond is wat deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika in sy Spoorweë- en Hawensadministrasie geokkupeer is en uitsluitlik gebruik word vir die werking en instandhouding van sy spoorwegstelsel en vir woonhuise en woonkwartiere wat naasaan en in die onmiddellike nabyheid van sy spoorlyne geleë is, maar nie ten opsigte van ander terreine wat vir woon- of ander doeleindes gebruik word nie.

4. In die geval van 'n stuk grond wat gebruik of beskikbaar is vir gebruik, deur, vir, of in verband met enige skool of soortgelyke inrigting vir opvoedkundige of ontspanningsdoeleindes of albei is die geheel van sodanige stuk grond wat so gebruik word, of beskikbaar is om deur 'n spesifieke skool gebruik te word of dit in een of meer gedeeltes is of nie, en of dit so gebruik word of nie, onderworpe aan die betaling van 'n basiese geld ingevolge item 1 wat tot 'n maksimum aanslag an R72 per maand ten opsigte van elke skool of inrigting beperk is.

5. In die geval van 'n stuk grond wat gebruik word of beskikbaar is om gebruik te word deur, vir, of in verband met enige gevangenis of tronk, of dit so gebruik word of nie en of dit in een of meer gedeeltes is of nie, is die geheel van sodanige grond wat so gebruik word of beskikbaar is om so gebruik te word, onderworpe aan die betaling van 'n basiese geld ingevolge item 1.

DEEL III

BYKOMENDE GELDE TEN OPSIGTE VAN HUISHOUDELIKE RIOOLVUIL

1. Die eienaar van enige stuk grond wat onderworpe is aan die basiese gelde soos bepaal in Deel II van hierdie Bylae moet, benewens genoemde basiese geld, aan die Raad die volgende bykomende gelde betaal ten opsigte van alle geboue op sodanige stuk grond geleë, of op aangrensende of belendende stukke grond wat aan dieselfde eienaar behoort, ongeag daarvan of alle sodanige geboue individueel aangesluit is of aangesluit kan word by enige straatriool al dan nie:

	Per maand R
(1) Woonhuise:	
Vir elke woonhuis	8,12
(2) Residensiële woonstelle, apartemente en ander wooneenhede ongeag of dit verband hou al dan nie met besigheid- of ander persele of met 'n residensiële gebou of groep of tros of dorphuis of duplexskema:	
(a) Vir elke woonstel, apartement of wooneenheid	8,12
(b) Vir parkeergarages of parkeerterreine onder dak wat daarmee verwant is:	
Vir elke 200 m² of gedeelte daarvan	8,12
(3) Ongelisensieerde of privaathotelle, losieshuise, huurkamers en hulle bygeboue of kamers afsonderlik verhuur as woonkamers:	
Vir elke 100 m² of gedeelte daarvan, van die totaal van die oppervlakte van die geboue op elke vloer, insluitende tussenvloere, kelders en buitegeboue	8,12
(4) Hotelle, motelle, biersale, klubs, persele gelisensieer ingevolge die Drankwet, 1928, of wysigings daarvan, groothandel en kleinhandel kommersiële en besigheidspersele, winkels, kantore, professionele stelle kamers, handelsmotor- en -parkeergarages, werkswinkels, petrolvulstasies, melkerye, poskantore, landdroshowe, polisiekantore, lykhuise, bioskope, inrybioskope, sale uitsluitende kerksale, ontspannings- en vermaaklikheidsgeboue waarvan inkomste verkry word, pakhuise, stoorkamers en ander persele gebruik vir sodanige of soortgelyke doeleindes of vir vervaardiging-of nywerheids- of bergingsdoeleindes in enige besigheidsone:	
Vir elke 200 m² of gedeelte daarvan van die totale oppervlakte van die gebou op elke vloer, insluitende tussenvloere, kelders en buitegeboue en oopruimtes gebruik vir sodanige doeleindes of doeleindes daaraan verwant	8,12
(5) Fabrieke, vervaardigings-, industriële bergings en soortgelyke persele geleë buite 'n besigheidsgebied insluitende kantore, kantiene, ontspannings- en ander geboue op dieselfde of aangrensende stuk grond wat in verband daarmee gebruik of daaraan verwant is:	
Vir elke 400 m² of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte van die geboue insluitende kelders, tussenvloere en -buitegeboue en oopruimtes gebruik vir sodanige doeleindes of doeleindes daaraan verwant	8,12
(6) Kerke en kerksale:	
Vir elke kerk of saal wat vir kerkdoeleindes gebruik word of daaraan verbonde	8,12
(7) Liefdadigheidsinrigtings en welsynsorganisasies:	
(a) Vir elke 100 inwoners of gedeelte van 100, gebaseer op die gemiddelde daaglikse totaal gedurende die voorafgaande kalenderjaar	7,00
(b) Vir die toepassing van die tarief betaalbaar ingevolge paragraaf (a), sluit inwoners inwonende personeellede en bediendes in. 'n Gesertifiseerde opgawe deur die hoof van die betrokke inrigting moet aan die Raad verstrek word.	
(8) Opvoedkundige inrigtings, kolleges, skole en woon- en koshuise daaraan verbonde:	
(a) Vir elke 50 studente of skoliere of gedeelte van 50, gebaseer op die gemiddelde daaglikse totaal gedurende die voorafgaande kalenderjaar	8,12
'n Gesertifiseerde opgawe deur die hoofonderwyser of hoof van die betrokke inrigting, kollege of skool moet aan die Raad verstrek word.	
(9) Hospitale, verpleeg- en kraaminrigtings en hersteloorde:	
(a) Vir elke 20 pasiënte en personeel of gedeelte van 20 gebaseer op die gemiddelde daaglikse totaal gedurende die voorafgaande kalenderjaar	8,12
(b) 'n Gesertifiseerde opgawe deur die hoof van die betrokke inrigting moet aan die Raad verstrek word.	
(10) Bantoekampongs of -tehuise, gevangenisse en tronke:	
(a) Vir elke 20 persone of gedeelte van 20 insluitende personeellede of gedeelte daarvan wat gehuisves word, gebaseer op die gemiddelde daaglikse totaal gedurende die voorafgaande kalenderjaar	8,12
(b) 'n Gesertifiseerde opgawe deur die eienaar van die betrokke kampong, tehuis, gevangenis of tronk moet aan die Raad verstrek word.	
(11) Inryteaters: Vir elke 30 motors of gedeelte daarvan waarvoor voorsiening binne die teatergebied gemaak word	8,12
(12) Woonwaparke: Vir elke 10 karavane waarvoor terreine voorsien word	8,12
(13) Alle ander persele:	
Vir elke spoelkloset of -pan en urinaalbak of -vak in sodanige perseel geïnstalleer	7,00

Met dien verstande dat —

(a) Waar die trogstelsel toegepas word, elke 700 m in lengte of gedeelte daarvan van trog of geut wat vir urinaal of spoelklosetdoeleindes gebruik word, of bedoel is om aldus gebruik te word as een urinaal- of klosetinrigting, al na die geval, vir die toepassing van hierdie tariewe beskou word;

(b) in die geval van saamgestelde geboue of persele wat bestaan uit meer as een van die soorte geboue of persele in die voorafgaande subitems uiteengesit die bykomende gelde die totaalbedrag is van die totale wat bereken is vir elk van die afsonderlike tipes van persele of geboue wat daarby inbegrepe is;

(c) as mense wat 'n gebou of 'n stuk grond waarop daar nie 'n perseelrioolstelsel is nie of wat nie met die Raad se straatriole verbind is nie okkupeer of dikwels besoek 'n perseelrioolstelsel in 'n ander gebou of op 'n ander stuk grond wat met die Raad se straatriole verbind is gebruik, tensy hulle dit net tydelik gebruik solank as wat hulle die perseelrioolstelsel defek is of herstel word, die eienaar van eersgenoemde stuk grond of gebou rioolgelde ooreenkomstig

hierdie deel van hierdie Bylae ten opsigte daarvan moet betaal asof daar 'n perseelrioolstelsel wat met die Raad se straatriool verbind is daarop of daarin is.

2. Die eienaar van enige stuk grond of perseel wat by die Raad se straatriole aangesluit is van wie dit nie vereis word om basiese gelde ten opsigte van sodanige stuk grond of perseel ingevolge Deel II van hierdie Bylae te betaal nie, moet die volgende gelde maandeliks vooruit aan die Raad betaal:

Vir elke spoelkloset of -pan en vir elke urinaalbak of -vak op sodanige eiendom of in sodanige perseel geïnstalleer..... 8,12

Met dien verstande dat, waar die trogstelsel gebruik word, elke 700 mm in lengte of gedeelte daarvan van die trog of geut wat vir urinaal- of spoelklosetdoeleindes gebruik word, of ontwerp is om daarvoor gebruik te word as een urinaal- of klosetinrigting, al na die geval, vir die toepassing van hierdie tarief beskou word.

DEEL IV

NYWERHEIDSUITVLOEISELGELDE

1. Behoudens die uitsonderings wat in reël 8 vervat is, moet die eienaar of okkupant van 'n perseel waarop daar 'n bedryf of nywerheid gedryf word en waarvandaan daar, ten gevolge van so 'n bedryf of nywerheid of van 'n proses wat daarmee gepaard gaan, uitvloeisel in die Raad se straatriool ontlas word, benewens die ander gelde waarvoor hy ingevolge hierdie Bylae aanspreeklik mag wees, aan die Raad 'n nywerheidsuitvloeiselgeld ten opsigte van sodanige uitvloeisel betaal wat bereken word volgens die hoeveelheid en aard van die uitvloeisel ontlas, of in die afwesigheid van werklike afmeting, die beraamde hoeveelheid ontlas gedurende die periode van die rekening, ooreenkomstig die volgende formule:

Aanslag in sent per kℓ = 8 + waar PV die rekenkundige gemiddelde is van die permanganaat-waarde sterktes (vasgestel ooreenkomstig reël 3) van een of meer blinde monsters van uitvloeisel wat maandeliks gedurende die vorige ses maande geneem is, plus bykomend daartoe waar van toepassing die volgende:

$$\frac{PV}{50}$$

(a) 'n Addisionele vordering van 7c per kℓ uitvloeisel wat in enige maand of gedeelte daarvan uitvloei vir elke eenheid of gedeelte daarvan waarvan die gemiddelde pH-waarde van verteenwoordigende monsters, geneem gedurende die vorige ses maande, 10,0 oorskry of minder is as 6,0: Met dien verstande dat die Raad in 'n gegewe geval volkome na goeddunke die minimum bedrag wat by reël 8 voorgeskryf word, kan hef sonder om 'n monster van die uitvloeisel te neem; en

(b) 'n verdere bykomende vordering van 7c per kℓ uitvloeisel wat in enige maand of gedeelte van 'n maand uitvloei, vir elke 10 mg/ℓ of gedeelte daarvan van totale metale meer as 20 mg/ℓ.

2. Wanneer die Raad 'n blinde monster ingevolge reël 1 neem, moet die helfte daarvan, indien hy dit versoek, aan die eienaar of okkupant van die perseel beskikbaar gestel word.

3. Die PV-sterkte waarna daar in reël 1 verwys word, word bepaal met verwysing na die permanganaat-waarde in vier uur vanaf suur

$$\frac{N}{80}$$

kaliumpermanganaat en op die deelvolume van 'n goed gemengde monster ooreenkomstig die metodes van skeikundige ontleding van toepassing op rioolvuil en -uitvloeisels soos omskryf in Deel II van Aanhangsel II.

4. Indien daar geen regstreekse afmeting plaasvind nie, bepaal die Raad die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat gedurende 'n maand ontlas is, volgens die hoeveelheid water wat gedurende dié tydperk op die perseel verbruik is, en by die bepaling van dié hoeveelheid word daar afgetrek die hoeveelheid water wat vir huishoudelike doeleindes op die perseel verbruik is en die hoeveelheid wat tydens die bedryf- of vervaardigingsproses verdamp het of in die finale produk aanwesig is.

5. Tensy die Raad in 'n bepaalde geval anders met 'n eienaar of okkupant skriftelik ooreenkom, word die gelde wat by hierdie Bylae voorgeskryf word, gehef ten opsigte van kalendermaande: Met dien verstande dat, waar die ontlasting van uitvloeisel in 'n straatriool op 'n datum gedurende 'n maand, soos voornoem, begin, die geld ten opsigte van daardie maand vanaf die datum van die eerste ontlasting bereken word.

6. Indien daar bewys word dat 'n meter waarmee die hoeveelheid water wat op die perseel verbruik word, afgemeet word, defek is, moet die hoeveelheid uitvloeisel wat ontlas is, bereken ooreenkomstig reël 4, dienooreenkomstig gewysig word.

7.(1) Waar nywerheidsuitvloeisel op meer as een plek in 'n straatriool ontlas word, hetsy op dieselfde verdieping, hetsy op verskillende verdiepings van 'n perseel, kan die Raad na goeddunke vir alle doeleindes om 'n bedrag ingevolge hierdie Bylae te kan hef, met inbegrip van die neem van toetsmonsters, elke sodanige ontlasplek as 'n afsonderlike plek vir die ontlasting van uitvloeisel in die straatriool beskou.

(2) Met die doel om die hoeveelheid uitvloeisel wat by elke ontlasplek soos voornoem, ontlas word, te kan bereken soos dit by reël 4 voorgeskryf word, word die totale hoeveelheid water wat op die perseel verbruik is, so juis as wat redelikerwys moontlik is, na oorlegpleging tussen die ingenieur en die okkupant, aan die verskillende ontlasplekke toegewys.

8. in die geval van enige bedryf of nywerheid ten opsigte waarvan —

(a) die gemiddelde maandelikse waterverbruik gedurende die vorige ses kalendermaande minder was as 100 kℓ, is die gelde ten opsigte van sodanige uitvloeisel 26c per kℓ: Met dien verstande dat indien die bedryf of nywerheid aan die einde van enige tydperk van ses opeenvolgende maande gemiddeld 100 kℓ of meer uitvloeisel in die straatriool ontlas het, maar daar nie monsters geneem is nie of die sterkte van die uitvloeisel nie bepaal is nie, daar gedurende die volgende tydperk van ses maande minstens ses monsters van die uitvloeisel geneem en ontleed moet word en die bedrag wat ingevolge hierdie reël ten opsigte van die eerste tydperk van ses maande betaal is, word dan aangepas deur 'n bedrag gelykstaande met die verskil tussen genoemde bedrag en die bedrag wat ingevolge reëls 1, 3, 4 en 7 verskuldig is, daarby te voeg;

(b) die PV-sterkte van die uitvloeisel gewoonlik 80 mg/ℓ of minder is (bepaal ooreenkomstig reëls 1 en 3), is die gelde ten opsigte van sodanige uitvloeisel (bereken ooreenkomstig reëls 4 en 7) 26c per kℓ: Met dien verstande dat die subreël nie van toepassing is nie indien die uitvloeisel van genoemde bedryf of nywerheid chroom of 'n ander stof bevat wat waarskynlik die akkuraatheid van die toets ter bepaling van die sterkte kan beïnvloed, 'n alternatiewe metode soos deur die ingenieur voorgeskryf of goedgekeur dan gevolg moet word.

9. Die minimum bedrag wat vir die ontlasting van uitvloeisel in die vuilriool gehef word, is of —

(a) die bedrag bereken teen 13c per kℓ; of

(b) R26 per maand,

watter bedrag ook al die grootste is.

DEEL V

SWEMBADDENS, OPGAARDAMME OF FONTEINE

In elke geval wanneer die Raad toestem om water uit 'n swembad, opgaardam of fontein in die straatriool uit te laat, word die totale hoeveelheid wat uitgelaat word deur middel van berekeninge bepaal en 'n bedrag, bereken teen 13c per kℓ, is ten opsigte van elke sodanige uitlating vooruitbetaalbaar.

DEEL VI

TOESTELLE VIR DIE WEGRUIMING VAN AFVALVOEDSEL

Vir elke toestel vir die wegruiming van afvalvoedsel of vir elke afvalmeul wat ingevolge artikel 71 aangebring is, is die bedrag wat betaalbaar is R8,12 per maand.

DEEL VII

STALLE

Vir elke vyf diere, of 'n gedeelte van die getal, wat redelikerwys in die stal gehuisves kan word, is die bedrag wat betaalbaar is R8,12 per maand.

DEEL VIII

RIOOLSLYK

Rioolslyk wat die Raad op die koper se voertuig laai teen R1,00 per m^3 vir vragte groter as 1 m^3.

BYLAE C

GELDE VIR WERK

1. Die gelde wat ingevolge artikel 15 aan die Raad betaalbaar is ten opsigte van enige werk wat deur die Raad ingevolge hierdie verordeninge verrig is, bedra die werklike koste daarvan plus 10 %.

2. Die eienaar van die eiendom waarop, of ten opsigte waarvan, die werk waarna daar in item 1 verwys word, verrig word, is vir die toepaslike geld teenoor die Raad aanspreeklik.".

J J COETZEE
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 215
Boksburg
26 Julie 1989
Kennisgewing No 70/1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1971

TOWN COUNCIL OF BOKSBURG

DRAINAGE BY-LAWS: AMENDMENT OF TARIFFS

Notice is hereby given in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council of Boksburg has by Special Resolution amended its drainage tariffs published under Municipal Notice No 36/1987 with effect from 1 July 1989 as follows:

"SCHEDULE A

TARIFF OF CHARGES

APPLICATION FEES AND FEES FOR THE TESTING OF FITTINGS

1. The fees set out in this Schedule shall be payable in advance in terms of section 23 in respect of the consideration of every application made in terms of section 20 and shall be paid by the person by or on behalf of whom the application is made.

2. The engineer shall assess the fees payable in respect of applications received in terms of section 20 in accordance with the provisions of item 3 or in any special case as nearly as be in accordance therewith: Provided that any person aggrieved by any such assessment may appeal in the manner prescribed by section 3.

3. The fees payable in respect of any application as aforesaid shall be assessed as follows:

(a) Minimum fee payable in respect of any application: R11,00.

(b) In respect of any new drainage installation or part of or alteration or addition to any drainage installation, the fees shall be assessed according to the total area at every floor level of any and every building to be served, whether directly or indirectly, by such drainage installation or part thereof or alteration thereto as follows:

For every 50 m² or part thereof of such area at every basement and floor level: R7,00.

4. Fees payable for the testing of prototype water closet pans and cisterns, per pan or cistern: R40,00.

SCHEDULE B

SEWERAGE CHARGES

PART 1

GENERAL RULES REGARDING CHARGES

1. The charges set out in this Schedule shall in terms of section 5 be payable by the owner of the premises to which any charge relates.

2. The charges accruing during and in respect of each month shall become due and payable in advance on the first day of every month: Provided that the charges payable in terms of Part IV of this Schedule shall be payable monthly in arrear.

3. Where any person who is required to furnish a return in terms of this Schedule or to provide such other information as may be necessary to enable the Council to determine the charges to be made in terms of this Schedule fails to do so within 30 days after having been called upon to do so by notice in writing, he shall pay such charges as the Council shall assess on the best information available to it.

4. In all cases of dispute as to the part or category of this Schedule which is applicable or as to the date from which any part or category is applicable to any premises, the decision of the engineer shall be decisive: Provided that the owner may appeal against such decision to the Council, whose decision shall then be final.

5.(1) In the case of premises already connected to a sewer, the charges imposed by Parts II, III, V, VI and VII, and in the case of premises not connected to a sewer, the charges imposed by Part II of this Schedule shall come into opeation on the first day of the month following the date of publication hereof.

(2) In the case of premises subject to the charges imposed in terms of Part IV of this Schedule and which are already connected to a sewer, the charges shall come into force in two stages: Interim charges shall be levied monthly from the date specified in subitem (1) and final charges shall come into operation six calendar months later.

(3) In the case of premises not connected to a sewer the charges imposed in terms of Parts III, IV, V, VI and VII of this Schedule shall come into operation on the date on which the Council, in terms of section 6(2), requires that a connection shall be made to a sewer from the date when the premises are in fact connected to a sewer, whichever is the earliest.

6. Where any building is partially occupied before completion, 50 % of the charges applicable in respect of the complete building in terms of Part III of this Schedule shall be payable for a period of three calendar months after the date of the first occupation, after which the full charges applicable to the complete building shall be payable.

7. The charges imposed in terms of Part II, IV and V of this Schedule shall remain effective in the case of buildings wholly unoccupied or in course of demolition until the date on which the Council is requested to seal the opening to the Council's sewer.

8. Where any change, other than a change referred to in rule 7, is made in the nature of the occupation or the use of any premises which requires the application of a different charge in terms of this Schedule, no claim for any adjustment of an account rendered or any refund of moneys paid in terms of this Schedule shall be entertained by the Council unless notice in writing of the change is given to the Council within 30 days of the date of the change having taken place.

9. In order to determine the appropriate tariff and amount payable in respect of any premises connected to or served by the sewer, the engineer shall designate the category in Part III of this Schedule in which each part of the premises falls for purposes of assessment.

10. In the case of premises or places connected to the Council's sewer and not falling under any of the categories enumerated in this Schedule the charge payable shall, regard being had to the nature of the premises, be assessed so as to correspond as closely as possible with the provisions of this Schedule.

11. The owner of any premises situated outside the municipality which are connected to the Council's sewer directly and through the sewer of any other local authority, shall be liable to pay all the appropriate charges set out or referred to in this Schedule and, in addition, a surcharge of 25 % thereon.

PART II

BASIC CHARGES IN RESPECT OF AVAILABLE SEWER

1. Where any piece of land whether or not there are any improvements thereon, is or, in the opinion of the Council, could or can be connected to any sewer under the Control of the Council, the owner of that piece of land shall be deemed to be a user and shall pay to the Council monthly in advance a basic charge calculated according to the area of such piece of land on the following basis:

	Per month
(1) For the first 1 000 m² or part thereof, per 100 m² or part thereof	1,33
(2) For the next 1 000 m² or part thereof, per 100 m² or part thereof	1,16
(3) For the next 4 000 m² or part thereof, per 500 m² or part thereof	4,64
(4) For the next 14 000 m² or part thereof, per 1 000 m² or part thereof	4,64
(5) For the balance of such area, per 2 000 m² or part thereof	4,64

Provided that the minimum basic charge in respect of any piece of land shall be R6,67 per month: Provided further that the maximum basic charge in respect of any piece of agricultural land and any special residential erf in a township shall be R26,68 per month.

2. Where two or more adjacent and abutting pieces of land are in the same ownership, the basic charge shall be calculated and payable for each such piece of land, irrespective of whether each such piece of land is separately or individually provided with a sewer connection or not.

3. No basic charge shall be payable in respect of any piece of land situated outside a proclaimed township and being —

(a) land proclaimed as mining land and not subsequently deproclaimed, the surface right of which is registered in the name of the holder of the right to mine the precious metals underlying the area; or

(b) land occupied by the Government of the Republic of South Africa in its Railways and Harbours Administration and used solely for the operation and maintenance of its railway systems and for dwellings and residential quarters situate next to and in immediate proximity to its railway lines but not in respect of other areas used for residential or other purposes.

4. In the case of any piece of land used or available for use by, for, or in connection with any school or similar institution for educational or recreational purposes or both, the whole of such piece of land so used or available for use by a specific school, whether in one or more portions or not and whether so used or not, shall be subject to the payment of a basic charge in terms of item 1, which basic charge shall be limited to a maximum charge of R72,00 per month in respect of each school or institution.

5. In the case of any piece of land used or available for use by, for, or in connection with any prison or gaol, whether so used or not and whether in one or more portions or not, the whole of such land so used or available for use, shall be subject to the payment of a basic charge in terms of item 1.

PART III

ADDITIONAL CHARGES IN RESPECT OF DOMESTIC SEWAGE

1. The owner of any piece of land which is subject to a basic charge as provided for in Part II of this Schedule shall, in addition to the said basic charge, pay the Council the following additional charges in respect of all buildings situate on such piece of land or adjoining or adjacent piece of land in the same ownership, irrespective of whether all such buildings are individually connected or capable of being connected by any sewer, or not:

	Per Month
(1) Dwelling-houses:	
For each dwelling-house	8,12
(2) Residential flats, apartments and other dwelling-units, irrespective of whether or not combined with business or other premises or included in any residential building or group or cluster or townhouse or duplex scheme:	
(a) For every flat, apartment or dwelling-unit	8,12
(b) For parking garages or parking areas under roof associated therewith:	
For every 200 m² or part thereof	8,12
(3) Unlicensed or private hotels, boarding houses, lodging-houses and their annexes or rooms let separately as lodgings:	
For every 100 m² or part thereof of the total of the areas of the buildings at each floor including mezzanine floors, basements and outbuildings	8,12

(4) Hotels, motels, beerhalls, clubs, premises licensed in terms of the Liquar Act, 1928, or any amendment thereto, wholesale and retail commercial and business premises, shops, offices, professional suites, commercial motor and parking garages, workshops, petrol filling stations, dairies, post offices, magistrates courts, police stations, mortuaries, cinemas, drive-in cinemas, halls other than church halls, recreational and entertainment buildings from which revenue is derived, warehouses, storerooms and other premises used for such or similar purposes or for

manufacturing or industrial or storage purposes in any business.

For every 200 m² or part thereof of the total area of the building at each floor, including mezzanine floors, basements and outbuildings and open areas used for such purposes or purposes associated therewith 8,12

(5) Factories, manufacturing, industrial, storage and similar premises situated outside a business area, including offices, canteens, recreational and other buildings on the same or on the adjoining piece of land and used or associated therewith:

Per Month

For every 400 m² or part thereof of the total floor area of the building including basements, mezzanine floors and outbuildings and open areas used for such purposes or purposes associated therewith 8,12

(6) Churches and church halls:

For each church or hall used for church purposes or associated therewith 8,12

(7) Charitable institutions and welfare organisations:

(a) For every 100 inmates or portion of 100 based on the average daily total during the preceding calendar year 7,00

(b) For the purpose of the charge payable in terms of paragraph (a), the expression 'inmates' includes resident staff and servants. A certified return shall be furnished to the Council by the head of the institution concerned.

(8) Educational institutions, colleges, schools and dwelling-houses and hostels connected therewith:

(a) For every 50 students or scholars or part of 50 based on the average daily total during the preceding calendar year 8,12

(b) A certified return shall be furnished to the Council by the principal or head of the institution college or school concerned.

(9) Hospitals, nursing, maternity and convalescent homes:

(a) For every 20 patients and staff or part of 20 based in the average daily total during the preceding calendar year 8,12

(b) A certified return shall be furnished to the Council by the head of the institution concerned.

(10) Bantu compounds or hostels, prisons and gaols:

(a) For every 20 patients and staff or part of 20, including staff accommodated, based in the average daily total during the preceding calendar year 8,12

(b) A certified return shall be furnished to the Council by the owner of the compound, hostel, prison or gaol concerned.

(11) Drive-in cinemas: For every 30 motorcars or part thereof provided for inside the area 8,12

(12) Caravan parks: For every 10 caravans for which sites are provided 8,12

(13) All other premises:

For every water-closet or pan and urinal basin or compartment installed on such premises 7,00

Per Month R

Provided that —

(a) in the case of a trough system, each 700 mm length or part thereof of trough or gutter used for urinal or water-closet purposes or designated to be used, shall be regarded as one urinal or closet fitting, as the case may be, for the purposes of these charges;

(b) in the case of composite buildings or premises comprising more than one of the types of buildings or premises set out in the preceding subitems, the additional charges shall be the sum of the totals calculated for each of the separate types of premises or buildings included therein;

(c) where persons occupying or frequenting a building or piece of land which has no drainage installation in another building or on another piece of land connected to the Council's sewers, other than on a temporary basis while their own drainage installation is out of order or under repair, the owner of the former piece of land or building shall be liable to pay sewerage charges in respect thereof in terms of this part of this Schedule as if there were therein or thereon a drainage installation connected to the Council's sewer.

2. The owner of any piece of land or premises connected to the Council's sewers who is not required to pay a basic charge in respect of such piece of land or premises in terms of Part II of the Schedule, shall pay to the Council monthly in advance the following charges:

For every water-closet or pan and for every urinal basin or compartment installed on such property or premises 8,12

Provided that in the case of a trough system, each 700 mm length or part thereof, of trough or gutter used for urinal or water-closet purposes or designed to be so used, shall be regarded as one urinal or closet fitting, as the case may be, for the purpose of these charges.

PART IV

INDUSTRIAL EFFLUENT CHARGES

1. Subject to the exceptions contained in rule 8, the owner or occupier of the premises on which any trade or industry is carried on and from which, as a result of such trade or industry or of any process incidents thereto, any effluent is discharged into the Council's sewer, shall, in addition to any other charges for which he may be liable in terms of this Schedule, pay to the Council an industrial effluent charge in respect of such effluent which shall be calculated according to the quantity and nature of the effluent discharged or in the absence of actual measurement estimated to be discharged during the period of the charge, in accordance with the following formulae:

$$\text{Charge in cents per k}\ell = 8 + \frac{PV}{50} \quad \text{where}$$

PV is the arithmetical average of the permanganate value strengths (determined as specified in rule 3) of one or more grab samples of effluent taken monthly during the preceding six months, plus in taken addition thereto where applicable the following:

(a) An additional charge of 7c per kℓ of effluent discharged in any month or part thereof for every unit or part thereof by which the average pH value of representative samples taken during the preceding six months exceeds 10,0 or less than 6,0: Provided that the Council may in its sole discretion in any given case impose the minimum charge prescribed by rule 8 without taking any samples of the effluent; and

(b) a further additional charge of 7c per kℓ of effluent discharged in any month or part of a month for every 10 mg/ℓ or part thereof of total metals in excess of 20 mg/ℓ.

2. Whenever a grab sample is taken by the Council in terms of rule 1, one half thereof shall on his request, be made available to the owner or occupier of the premises.

3. The PV strength referred to in rule 1 shall be determined by reference to the permanganate value in 4 hours from acidic

$$\frac{N}{80}$$

potassium permanganate and on an aliquot part of a wellshaken sample in accordance with the methods of chemical analysis as applied to sewage and effluent as set out in Part II of Appendix II.

4. In the absence of any direct meausrement, the quantity of industrial effluent discharged during a month shall be determined by the Council according to the quantity of water used on the premises during that period and in the determination of that quantity deduction shall be made of the quantity of water used on the premises for domestic purposes and the quantity lost to the atmosphere during the process of trade or manufacturer, or present in the final product.

5. Unless the Council shall in any particular case otherwise agree in writing with an owner or occupier, charges prescribed in terms of the Schedule shall be levied in respect of calendar months: Provided that where the discharge of effluent to the sewer commences during a calendar month as aforesaid, the charge made in respect of that month shall be calculated as from the date of the first discharge.

6. If a meter whereby the quantity of water consumed on the premises is mesured is proved to be defective, the appropriate adjustment shall be made to the quantity of effluent discharged after being determined as prescribed by rule 4.

7.(1) Where industrial effluent is discharged into the sewer from more points that one, whether on the same floor or on different floors of the premisis, the Council may in its discretion for all the purposes of making a charge in terms of this Schedule, including the taking of test samples treat each point of discharge as a separate point for the discharge of effluent into the sewer.

(2) For the purpose of calculation as prescribed by rule 4, of the quantity of effluent discharged from each point of discharge as aforesaid, the total quantity of water consumed on the premises shall be allocated as accurately as is reasonably practicable after consultation between the engineer and the occupier, among the several points of discharge.

8. In the case of any trade or industry in respect of which —

(a) the average monthly water consumption during the preceding six calendar months was less than 100 kℓ, the charge for such effluent shall be 26c per kℓ: Provided that if at the end of any period of six consecutive months the trade or industry has discharged an average of 100 or more kℓ per month of effluent to the sewer but no samples have been taken or the strength of the effluent has not been determined, then at least six samples of the effluent shall be taken and analysed during the following six-month period, and the sum paid in respect of the previous six-month period in terms of this rule shall be adjusted by the addition thereto of an amount equal to the difference between such sum and the sums due in terms of rules 1, 3, 4 and 7;

(b) the PV strenght of the effluent is usually 80 mg/ℓ or less (determined as laid down in rules 1 and 3), the charge for such effluent (assessed as laid down in rules 4 and 7) shall be 26c

per kℓ: Provided that this subrule shall not apply if the discharge from the said trade or industry contains chromium or any other substance likely to affect the accuracy of the test for the determination of strength, in which case an alternative method of determination approved or prescribed by the engineer, shall then be used.

9. The minimum charge for the discharge of effluent into the sewer in respect of any calendar month shall be either —

(a) the amount calculated at 13c per kℓ, or

(b) R26,00 per month, whichever is the greater.

PART V

SWIMMING POOLS, RESERVOIRS OR FOUNTAINS

In each case when the Council consents to the discharge of water from a swimming pool, reservoir or fountain into the sewer, the total quantity discharged shall be determined by calculation and a charge calculated at the rate of 13c per kℓ shall be payable in advance in respect of every such discharge.

PART VI

WASTE-FOOD DISPOSAL UNITS

For each waste-food disposal unit or garbage grinder, the installation of which has been permitted in terms of section 71, that charge payable shall be R8,12 per month.

PART VII

STABLES

For every five, or part of that number of animals which the stable is reasonably capable of accommodating, the charge payable shall be R8,12 per month.

PART VIII

SEWAGE SLUDGE

Sewage sludge loaded onto the pruchaser's vehicle by the Council at R1,00 per m^3 for a load exceeding 1 m^3.

SCHEDULE C

WORK CHARGES

1. The charges payable to the Council in terms of section 15 for any work carried out by the Council in terms of these by-laws, shall be the actual cost thereof, plus 10 %.

2. The owner of the property on or in respect of which the work referred to in item 1 as carried out, shall be liable to the Council for the charge relating thereto.".

J J COETZEE
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 215
Boksburg
26 July 1989
Notice No 70/1989

26

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWNG 1972

STADSRAAD VAN BOKSBURG

ELEKTRISITEITSVOORSIENING: WYSIGING VAN TARIEWE

Kennis word hierby gegee kragtens artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Boksburg by Spesiale Besluit sy tariewe vir elektrisiteitsvoorsiening, soos gepubliseer by Munisipale Kennisgewing No 42/1988 van 3 Augustus 1988 met ingang van 1 Julie 1989 soos volg gewysig het:

1. Deur in Deel 1 van die Bylae item 1 paragraaf (2) die syfer 9,9c met die syfer 10c te vervang.

2. Deur in Deel 1 van die Bylae item 2 paragraaf (2) met die volgende te vervang:

(2) Die volgende heffings is betaalbaar, per maand:

(a) Vir verbruikers met 'n gemiddelde maksimum aanvraag tot 100 kV.A: Vir alle kW.h verbruik, per kW.h: "16,63c".

(b) Vir verbruikers met 'n gemiddelde maksimum aanvraag van meer as 100 kV.A:

(i) Per kV.A van maksimum aanvraag: R20,10 plus

(ii) Per kW.h: 5,3c".

J J COETZEE
Stadsklerk

Burgersentrum
Boksburg
26 Julie 1989
Kennisgewing No 71/1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1972

TOWN COUNCIL OF BOKSBURG

ELECTRICITY SUPPLY: AMENDMENT OF TARIFFS

Notice is hereby given in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Town Council of Boksburg has by Special Resolution amended its charges for the supply of the electricity published under Municipal Notice No 42/1988 of 3 August 1988, with effect from 1 July 1989 as follows:

1. By the substitution in Part 1 of the Schedule, item 1 paragraph (2) of the figure 9,9c for the figure 10c.

2. By the substitution in Part 1 of the Schedule of item 2 paragraph (2) for the following:

(2) The following charges shall be payable, per month:

(a) For consumers with an average maximum demand of up to 100 kV.A: For all kW.h consumer, per kW.h: "16,63c".

(b) For consumer with an average maximum demand in excess of 100 kV.A:

(i) Per kV.A of maximum demand: R20,10 plus

(ii) Per kW.h: "5,3c".

J J COETZEE
Town Clerk

Civic Centre
Boksburg
26 July 1989
Notice No 71/1989

26

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1973

STADSRAAD VAN BOKSBURG

WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE

Die Stadsklerk van die Stadsraad van Boksburg publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Raad ingevolge artikel 96 aangeneem is.

Die Biblioteekverordeninge van die Stadsraad van Boksburg deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing No 907 van 23 November 1966, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die volgende Bylae tot die Biblioteekverordeninge by te voeg en wel na artikel 15.

BYLAE 1

TARIEWE EN REËLS TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN DIE BIBLIOTEEK-OUDITORIUM, VIDEOKAMER EN LESINGSALE

1.(a) Die biblioteek-ouditorium, die videokamer en enige lesingkamer by die biblioteek, hierna die perseel genoem, mag slegs vir die volgende gebruike en teen die volgende tariewe gehuur word:

(i) Kulturele, opvoedkundige, stokperdjie- en opleidingsdoeleindes waar geen toegangsgeld gehef word nie, per lokaal: R10,00 (tien rand) per geleentheid.

(ii) Vergaderings anders as in item (i) gespesifiseer en waar geen toegangsgeld gehef word nie, per lokaal:

(aa) Vir die eerste twee ure: R10,00 (tien rand).

(bb) Vir elke uur of gedeelte van 'n uur daarna: R20,00 (twintig rand).

(b) Die perseel mag nie vir kommersiële doeleindes, openbare politieke byeenkomste, kerkdienste, partytjies, onthale en enige ander doel as waarvoor in paragraaf (a) hiervan voorsiening voor gemaak is, gebruik word nie.

2. Aansoeke word afgehandel in die volgorde waarin hulle ontvang word. Toewysings mag te enige tyd gekanselleer word indien die Raad die perseel vir eie gebruik benodig, sonder vergoeding aan die gebruiker behalwe vir terugbetaling van die huurgeld.

3. Die Raad aanvaar onder geen omstandigheid verantwoordelikheid of aanspreeklikheid ten opsigte van enige skade of verlies aan enige eiendom, artikel of ding wat ook al, wat die gebruiker op die perseel plaas of laat, of vir sy gebruik of doel, of teenoor enige persoon of die klere wat sodanige persoon wat die perseel betree of gebruik maak van die toerusting op die perseel nie, en deur die perseel te okkupeer vrywaar die gebruiker hierby die Raad teen enige eis wat enige persoon of persone op watter grond ook al instel.

4. Die Raad is nie aan enige gebruiker aanspreeklik vir enige verlies as gevolg van 'n gebrek of tekortkoming in die kragtoevoer na die perseel nie.

5. Enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die Raad besit die reg om te alle tye die perseel te betree.

6. Daar word uitdruklik bepaal dat die gebruiker aanspreeklik is vir vergoeding van enige breek- of ander skade wat ook al aan die perseel, openbare telefoon, meubels, toebehore of enige ander eiendom van die Raad wat tydens die gebruik ontstaan het. As die gebruiker bevind dat enige meubelstuk of ander toerusting

gebrekkig is, moet hy die aandag daarop vestig voordat hy dit gebruik: by gebreke hiervan word daar geag dat alles in goeie orde is. Die gebruiker moet betaal vir enige artikel wat aan die Raad behoort en wat tydens of in verband met enige bespreking uit die kamers verlore raak of vermis word.

7. Die kleedkamers is onder die toesig van die persoon wat aansoek doen om die gebruik van die saal en hy is aanspreeklik vir enige skade of verlies wat mag voorkom.

8. Geen muurversierings van watter aard ook al, en geen binne- of buiteversierings, vlae en embleme of dergelike artikels en geen aanplakbiljette of dergelike advertensies mag op of in die omgewing van die perseel aangebring word sonder die vooraf goedkeuring van die bibliotekaris nie.

J J COETZEE
Stadsklerk

Burgersentrum
Boksburg
26 Julie 1989
Kennisgewing No 58/1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1973

TOWN COUNCIL OF BOKSBURG

AMENDMENT OF LIBRARY BY-LAWS

The Town Clerk of the Town Council of Boksburg, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been adopted by the Council in terms of section 96 of the said ordinance.

The Standard Librabry By-laws of the Town Council of Boksburg, adopted by the Council under Administrator's Notice No 907 of 23 November 1966, as amended, are hereby further amended by the addition of the following Schedule 1 after section 15:

SCHEDULE 1

TARIFFS AND REGULATIONS GOVERNING THE USE OF THE LIBRARY AUDITORIUM, VIDEO ROOM AND LECTURE HALLS

1.(a) The library auditorium, the video room and any lecture hall at the library, hereinafter referred to as the premises, may only be hired for the following purposes and at the following tariffs:

(i) Cultural, educational, hobby and training purposes if no admission fee is levied, per room: R10,00 (ten rand) per occasion.

(ii) Meetings other than specified in item (i) if no admission fee is levied, per room:

(aa) For the first two hours: R10,00 (ten rand);

(bb) For every hour or part of an hour thereafter: R20,00 (twenty rand);

(b) The premises shall not be used for commercial purposes, public political purposes, church services, parties, receptions or any purpose other than for provided in paragraph (a) hereof.

2. Applications shall be dealt with in the order in which they are received. An allocation may at any time be cancelled in the event of the premises being required by the Council for its own use in which case no compensation shall be paid to the user save for a refund of the rental.

3. The Council shall not under any circumstances accept responsibility of liability in respect of any damage to or loss of any property, article or thing whatsoever placed or left upon the premises by the user, or for his use or purpose, or to any person or the clothing of such person entering the premises or making use of the equipment on the premises and it is specifically agreed that by taking occupation of the premises the user indemnifies the Council against any claim made by any person or persons on any ground whatsoever.

4. The Council shall not be liable for any loss to the user in consequence of any failure or defect in the power supply to the premises.

5. The right is reserved to any duly authorized officer of the Council to enter the premises at all times.

6. It is a specific stipulation that users shall be responsible for, and shall make good, any breakage or damage whatsoever to the premises, public telephone, furniture, fittings, or any other property of the Council that has occurred during the period of use. Should any furniture or other equipment be found to be defective by the user, same shall be pointed out before being used, faling which everyting shall be considered as being in proper order. Any article owned by the Council, which is lost or missing from the premises during or in connection with any engagement, shall be paid for by the user.

7. The cloak-rooms shall be in the care and supervision of the person applying for the use of the premises and he shal be responsible for any damage or loss that may occur.

8. No mural decorations of any description and no interior or exterior decorations, flags and emblems or similar articles and no placards or similar advertising matter shall be permitted to be exhibited at or in the vicinity of the premises without the prior approval of the librarian.

J J COETZEE
Town Clerk

Civic Centre
Boksburg
26 July 1989
Notice No 58/1989

26

PLAASLIKE BESTUURSKENNIGEWING 1974

STADSRAAD VAN BOKSBURG

WYSIGING VAN VERORDENINGE INSAKE DIE HUUR VAN SALE

Die Standaard Bouverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1993 van 7 November 1974 en deur die Randburg Stadsraad aanvaar by Administrateurskennisgewing 1551 van 27 Augustus 1975, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur artikel 240(4)(b) te skrap.

2. Deur artikel 240(4)(c) en (d) te hernommer na 240(4)(b) en (c) onderskeidelik.

B J VAN DER VYVER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
h/v Jan Smutslaan en Hendrik Verwoerdrylaan
Randburg
26 Julie 1989
Kennisgewing No 139/1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2059

TOWN COUNCIL OF RANDBURG

AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS

The Town Clerk of Randburg hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, publishes the amendments set forth hereinafter which have been made in terms of section 96 of the said Ordinance.

The Standard Building By-laws, published under Administrator's Notice 1993 of 7 November 1974, and adopted by the Randburg Town Council under Administrator's Notice 1551 of 27 August 1975, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the deletion of section 240(4)(b).

2. By the renumbering of section 240(4)(c) and (d) to 240(4)(b) and (c) respectively.

B J VAN DER VYVER
Town Clerk

Municipal Offices
Cnr Jan Smuts Avenue and Hendrik Verwoerd Drive
Randburg
26 July 1989
Notice No 139/1989

26

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2060

MUNISIPALITEIT VAN RANDFONTEIN
AANNAME VAN VERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, bekendgemaak dat die Raad van voorneme is om Voedselsmousverordeninge aan te neem.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is om die smous van voedsel binne die Munisipale Gebied van Randfontein te reël.

Afskrifte van hierdie verordeninge lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Stadhuis, Sutherlandlaan, Randfontein, vir 'n tydperk van veertien dae vanaf datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant, d.w.s. 26 Julie 1989.

Enige persoon wat beswaar teen die aanname van die genoemde verordeninge wens aan te teken, moet dit skriftelik by die ondergetekende doen voor of op 9 Augustus 1989.

L M BRITS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Sutherlandlaan
Posbus 218
Randfontein
1760
26 Julie 1989
Kennisgewing No 51/1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2060

MUNICIPALITY OF RANDFONTEIN

ADOPTION OF BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended that the Council intends to adopt Food Vending By-laws.

The general purport of these by-laws is to regulate the vending of food within the Municipal Area of Randfontein.

Copies of these amendments are open for inspection at the office of the Town Secretary, Town Hall Building, Sutherland Avenue, Randfontein for a period of fourteen days from date of publication in the Provincial Gazette i.e. 26 July 1989.

Any person who desires to record his objection to the amendment of the said by-laws must do so in writing to the undersigned on or before 9 August 1989.

L M BRITS
Town Clerk

Municipal Offices
Sutherland Avenue
PO Box 218
Randfontein
1760
26 July 1989
Notice No 51/1989

26

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2061

MUNISIPALITEIT VAN RANDFONTEIN

WYSIGING VAN VERORDEINGE INSAKE DIE HUUR VAN SALE

Daar word hierby ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1989, soos gewysig, bekendgemaak dat die Raad van voorneme is om sy verordeninge insake die huur van sale te wysig. Hierdie verordening-wysiging tree op 26 Mei 1989 in werking.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is om voorsiening te maak vir die gratis beskikbaarstelling van die klinieksaal vir die sittings van die Hof vir klein eise.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Stadhuis, Sutherlandlaan, Randfontein, vir 'n tydperk van veertien dae vanaf datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant d.w.s. 26 Julie 1989.

Enige persoon wat beswaar teen die wysigings van die genoemde verordeninge wens aan te teken, moet dit skriftleik by die ondergetekende doen voor of op 9 Augustus 1989.

L M BRITS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Sutherlandlaan
Posbus 218
Randfontein
1760
26 Julie 1989
Kennisgewing No 46/1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2061

MUNICIPALITY OF RANDFONTEIN

AMENDMENT OF BY-LAWS GOVERNING THE HIRE OF HALLS

Notice is hereby given in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Council intends to amend its by-laws governing the hiring of halls. This amendment is effective from 26 May 1989.

The general purport of these amendments is to provide for the making available free of charge the clinic hall to the Court for small claims.

Copies of these amendments are open for inspection at the office of the Town Secretary, Town Hall Building, Sutherland Avenue, Randfontein for a period of fourteen days from date of publication in the Provincial Gazette, i.e. 26 July 1989.

Any person who desires to record his objection to the amendment of the said by-laws must do so in writing to the undersigned on or before 9 August 1989.

L M BRITS
Town Clerk

Municipal Offices
Sutherland Avenue
PO Box 218
Randfontein
1760
26 July 1989
Notice No 46/1989

26

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2062

GESONDHEIDSKOMITEE VAN ROEDTAN

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1989 TOT 30 JUNIE 1990.

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken.

1. Op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond, twaalf (12) sent in een Rand.

2. Uitgesonderd grond wat ingevolge artikel 22 van 'n besondere klas is word ingevolge artikel 21(4) 'n korting van 15 % met 'n verdere korting van 20 % toegestaan op die algemene belasting gehef op beboude erwe.

3. 'n Kwytskelding van 40 % kragtens die bepalings van artikel 32(b) van genoemde Ordonnansie aan sekere klasse of kategorieë persone deur die Komitee bepaal en deur die Administrateur goedgekeur.

4. Indien 'n aansoeker ingevolge artikel 22 van 'n besondere klas is, kwalifiseer die aansoeker ook ingevolge artikel 32(b) vir kwytskelding.

Die verskuldigde eiendomsbelasting soos in artikel 27 van genoemde Ordonnansie beoog is betaalbaar in elf gelyke paaiemente soos volg: Die eerste paaiement is betaalbaar voor of op 15 Augustus 1989 en daarna maandeliks voor of op die 15de dag van daaropvolgende maande.

Rente teen 18 % is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

C G S VERMAAK (MEV)
Sekretaris

Munisipale Kantore
Posbus 58
Roedtan
0580
26 Julie 1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2062

HEALTH COMMITTEE OF ROEDTAN

NOTICE OF GENERAL RATE AND FIXED DAY FOR PAYMENT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 1989 TO 30 JUNE 1990

Notice is hereby given that in terms of section 26(2) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), the following general rate has been levied in respect of the above-mentioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll.

1. On the site value of any land or right in land, twelve (12) cents in one Rand.

2. Excluding where land concerned according to section 22 is of a particular class, in terms of section 21(4) a rebate of 15 % with a further rebate of 20 % on the general rate levied will be allowed on a build-up land.

3. A remission of 40 % in terms of the provisions of section 32(b) of the said Ordinance to certain classes or category of persons determined by the Committee and approved by the Administrator.

4. If the applicant, in terms of section 22 is of a particular class, the applicant also qualify in terms of section 32(b) for remission.

The amount due for rates as contemplated in Section 27 of the said Ordinance shall be payable in eleven equal instalmets as follows: The first payment is payable on or before 15 August 1989, and monthly there-after on or before the 15th day of the following months.

Interest at 18 % is chargeable on all amounts in arrear after the fixed day levied and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

C G S VERMAAK (MRS)
Secretary

Municipal Offices
PO Box 58
Roedtan
0580
26 July 1989

26

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2063

STADSRAAD VAN ROODEPOORT

SLUITING EN VERVREEMDING VAN GROND

Kennisgewing geskied ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Roodepoort van voorneme is om die volgende parkerwe permanent te sluit, onder te verdeel en te hersoneer:

1. 'n Gedeelte van Parkerf 320, Davidsonville Uitbreiding 1 (Agnes McKenzie-park).

2. Parkerf 166, Davidsonville.

Besonderhede van die voorgenome sluitings en vervreemdings lê gedurende kantoorure te Kamer 40, Derde Vloer, Burgersentrum, Roodepoort, ter insae.

Enige eienaar, huurder of bewoner van grond wat grens aan die grond wat gesluit en vervreem staan te word of enige ander persoon wat hom benadeel ag en beswaar teen die voorgenome sluitings en vervreemdings het, of wat enige eis vir vergoedings sou hê indien sodanige sluitings en vervreemdings uitgevoer word, moet die ondergetekende binne 60 (sestig) dae van 26 Julie 1980, dit wil sê voor of op 25 September 1989, skriftelik verwitting van sodanige beswaar of eis vir vergoeding.

L DE WET
Stadsklerk

Burgersentrum
Roodepoort
26 Julie 1989
Kennisgewing No 84/1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2063

CITY COUNCIL OF ROODEPOORT

CLOSING AND ALIENATION OF LAND

It is notified in terms of the provisions of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the City Council of Roodepoort to close permanently, to subdivide and to rezone the following park erven:

1. A portion of park Erf 320, Davidsonville Extension 1 (Agnes McKenzie Park).

2. Park Erf 166, Davidsonville.

Details of the proposed closures and alienations may be inspected during normal office hours at Room 40, Third Floor, Civic Centre, Roodepoort.

Any owner, lessee or occupier of land abutting the land to be closed and alienated or any other person aggrieved and who objects to the proposed closings and alienations of the said land or who will have any claim for compensation if such closings and alienations are carried out, must serve written notice upon the undersigned of such objections or claims for compensation within 60 (sixty) days from 26 July 1989, i.e. before or on 25 September 1989.

L DE WET
Town Clerk

Civic Centre
Roodepoort
26 July 1989
Notice No 84/1989

26

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2064

STADSRAAD VAN ROODEPOORT

VASSTELLING VAN GELDE: SWEMBAD-VERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), bekend gemaak dat die Stadsraad van Roodepoort by Spesiale Besluit, met ingang 1 September 1989 die gelde in verband met bogenoemde verordeninge gewysig het en die volgende gelde vasgestel het.

Tarief van Gelde

DEEL I

1. Vir die toepassing van hierdie tariewe beteken:

"bejaarde" iemand wat 60 jaar of ouer is;

"kind" iemand wat jonger as 18 jaar is;

"peuter" baba (onder 3 jaar);

"volwassene" iemand wat 18 jaar of ouer is;

"skool" opvoedkundige inrigting ingevolge die Onderwysordonnansie, 1953.

2. 'n Seisoenkaartjie is geldig vir die somerseisoen wat strek oor die tydperk wat op 1 September begin en op 31 Maart die volgende jaar eindig.

3. Indien die houer van 'n seisoenkaartjie dit nie op versoek van die Superintendent kan toon nie, mag sodanige persoon nie op die gronde toegelaat word, tensy sodanige persoon 'n ander seisoenkaartjie of dagbesoekkaartjie koop nie.

DEEL II

Toegangsgeld

1. Seisoenkaartjies:

(1) Bejaarde: Gratis

(2) Kind: R20,00

(3) "Peuter": Gratis

(4) Skole, per skool: R100

(5) Volwassene: R40.

2. Dagbesoekkaartjies

(1) Bejaarde na identiteitsbewys getoon is: Gratis

(2) Kind: 30c

(3) "Peuter": Gratis

(4) Volwassene: R1

Amptenare wat aan die Munisipale Sportklub behoort, met voorbehoud dat sodanige persoon sy lidmaatskapkaart aan die Swembadsuperintendent toon: Gratis.

DEEL III

Bykomende Tariewe vir Spesiale Geleenthede gehef ingevolge artikel 8 van hierdie Verordeninge

Alle skole, swem- en poloklubs, vir die eksklusiewe gebruik van swembadgeriewe:

Dag	Geleentheid	Tarief
Vrydae	Liga-aande	R50 per aand
Saterdae	Polowedstryde	R50 per aand
	Galabyeenkomste	R100 per dag

DEEL IV

Afrigtingsgelde

Afrigting op sodanige tye, dae en in gedeeltes

van die swembad soos deur die Hoof: Parke en Ontspanning bepaal, hetsy professioneel of amateur, per afrigter per swemseisoen: R300.

L DE WET
Stadsklerk

Burgersentrum
Christiaan de Wetweg
Roodepoort
26 Julie 1989
Kennisgewing No 90/1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2064

CITY COUNCIL OF ROODEPOORT

DETERMINATION OF CHARGES: SWIMMING BATH BY-LAWS

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), it is hereby notified that the City Council of Roodepoort has by Special Resolution amended and determined the following charges with effect from 1 September 1989 in regard to the abovementioned by-laws.

Tariff of Charges

PART I

1. For the purpose of these tariffs:

"adult" means any person of 18 years and older;

"child" means any person under the age of 18 years;

"elderly person" means any person of 60 years and older;

"peuter" means a baby (under the age of 3 years);

"school" means an educational institution in terms of the Education Ordinance, 1953.

2. A season ticket is valid for the summer season extending over the period from 1 September to 31 March the following year.

3. If the holder of a season ticket cannot produce such ticket at the request of the Superintendent, such person shall not be allowed on the premises unless such person buys another season ticket or a daily ticket.

PART II

Entrance Fees

1. Season Tickets:

(1) Adult: R40,00

(2) Child: R20,00

(3) Elderly person: Free of charge

(4) "Peuter": Free of charge

(5) School, per school: R100,00

2. Daily Tickets:

(1) Adult: R1

(2) Child: 30c

(3) Elderly person after producing identity: Free of charge

(4) "Peuter": Free of charge.

Officials belonging to the Municipal Sports Club, provided such person produce his membership card to the Superintendent of the swimming bath: Free of charge.

PART III

Additional Tariffs for Special Occasions levyed in terms of section 8 of these By-laws:

All schools, swimming and polo clubs, for the exclusive use of the swimming bath facilities:

Day	Occasion	Tariff
Fridays	League evenings	Per evening: R50
Saturdays	Polo games	Per evening: R50
	Gala contests	Per day: R100

PART IV

Coaching Fees

Coaching on such times, days and in such sections of a swimming bath as determined by the Chief: Parks and Recreation, be it professional or amateur, per coach per swimming season: R300.

L DE WET
Town Clerk

Civic Centre
Christiaan de Wet Road
Roodepoort
26 July 1989
Notice No 90/1989

26

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2065

STADSRAAD VAN RUSTENBURG

RUSTENBURG-WYSIGINGSKEMA 132

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat die Stadsraad van Rustenburg die wysiging van die Rustenburg-dorpsbeplanningskema, 1980, goedgekeur het deur die hersonering van 'n gedeelte van Erf 1210, Erwe 1212, 1213, 1214, 1215 en 1216, Geelhoutpark Uitbreiding 4, Rustenburg vanaf "Openbare Oopruimte" na "Residensieel 1".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Tak Gemeenskapsdienste, Pretoria en die Stadsklerk, Kamer 801, Stadskantore, Burgerstraat, Rustenburg en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Rustenburg-wysigingskema 132.

W J ERASMUS
Stadsklerk

Stadskantore
Posbus 16
Rustenburg
0300
26 Julie 1989
Kennisgewing No 66/1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2065

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG

RUSTENBURG AMENDMENT SCHEME 132

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the Town Council of Rustenburg has approved the amendment of the Rustenburg Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of a portion of Erf 1210, Erven 1212, 1213, 1214, 1215 and 1216, Geelhoutpark Extension 4, Rustenburg, from "Public Open Space" to "Residential 1".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director: Community Services Branch, Pretoria and the Town Clerk, Room 801, Municipal Offices, Burger Street, Rustenburg, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Rustenburg Amendment Scheme 132.

W J ERASMUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 16
Rustenburg
0300
26 July 1989
Notice No 66/1989

26

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2066

STADSRAAD VAN RUSTENBURG

RUSTENBURG-WYSIGINGSKEMA 130

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat die Stadsraad van Rustenburg die wysiging van die Rustenburg-dorpsbeplanningskema, 1980, goedgekeur het deur die hersonering van Gedeeltes 3 en 4 van Erf 45, Rustenburg vanaf "Besigheid 1" en "Voorgestelde Nuwe Paaie en Verbredings" na "Parkering" en "Bestaande Openbare Paaie".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Tak Gemeenskapsdienste, Pretoria en die Stadsklerk, Kamer 801, Stadskantore, Burgerstraat, Rustenburg en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Rustenburg-wysigingskema 130.

W J ERASMUS
Stadsklerk

Stadskantore
Posbus 16
Rustenburg
0300
26 Julie 1989
Kennisgewing No 75/1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2066

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG

RUSTENBURG AMENDMENT SCHEME 130

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 57(1)(a) of the Town-planning and Township Ordinance, 1986, that the Town Council of Rustenburg has approved the amendment of the Rustenburg Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of Portions 3 and 4 of Erf 45, Rustenburg, from "Business 1" and "Proposed New Roads" to "Parking" and "Existing Public Roads".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director: Community Services Branch, Pretoria and the Town Clerk, Room 801, Municipal Offices, Burger Street, Rustenburg, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Rustenburg Amendment Scheme 130.

W J ERASMUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 16
Rustenburg
0300
26 July 1989
Notice No 75/1989

26

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2067

STADSRAAD VAN SCHWEIZER-RENEKE

VERORDENINGE BETREFFENDE VOEDSELSMOUSE EN VOEDSELOUTOMATE

Die Stadsklerk van Schweizer-Reneke publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Administrateur goedgekeur is.

VERORDENINGE BETREFFENDE VOEDSELSMOUSE EN VOEDSELOUTOMATE

INHOUDSOPGAWE

ARTIKEL

1. Woordomskrywing.

2. Bestek van Verordeninge.

DEEL 1: VOEDSELOUTOMATE

3. Goedkeuring.

4. Skoonmaa.

5. Opberging en Hantering van Voedsel.

6. Ondersoek van Voedseloutomate.

7. Verkoop van Drank in Verseëlde Houers vanuit Meganies Verkoelers.

DEEL 2: VOEDSELSMOUSE

8. Kategorieë van Voedsel.

9. Algemene Vereistes vir Voertuie.

10. Algemene Vereistes vir Persele.

11. Algemene Vereistes ten opsigte van Voedsel.

12. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie A.

13. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie B.

14. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie C.

15. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie D.

DEEL 3: ALGEMENE BEPALINGS EN STRAWWE

16. Beperkings.

17. Algemeen.

18. Ondersoek.

19. Dwarsboming.

20. Misdrywe en Strawwe.

WOORDOMSKRYWING

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken —

"beheerder" die persoon of liggaam van persone wat die werklike beheer oor die verskaffing van voedsel of verversings vanuit 'n voedseloutomaat of 'n meganiese koeltoestel uitoefen;

"bevrore suikergoed" yslekkers, yssuiglekkers en enige soortgelyke handelsartikel wat gemaak is van water, soetmaakmiddels, stabiliseringsmiddels, geursel en kleurstowwe, hetsy met of sonder vrugte of vrugtesap;

"fabrieksverpakte voedsel" voedsel wat voorberei, vervaardig en verpak is op 'n perseel wat oor 'n toepaslike voedselvervaardigerslisensie, soos omskryf in die ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), beskik;

"gesondheidsbeampte" 'n persoon aangestel as gesondheidsinspekteur deur 'n plaaslike bestuur kragtens artikel 24 van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977);

"goedgekeur", "toereikend", "voedsel" en "voedingsmiddel" soos omskryf in die Raad se Voedselhanteringsverordeninge, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 2321 van 27 Desember 1972;

"perseel" soos omskryf in die Raad se Voedselhanteringsverordeninge, maar dit omvat nie 'n voertuig, struktuur, drawinkeltjie of houer of enigiets anders waaruit of vanwaar 'n voedselsmous kragtens hierdie verordeninge, kan smous;

"Raad" die Stadsraad van Schweizer-Reneke, dié Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat in gevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, aan hom gedelegeer is, en enige beampte aan wie die Bestuurskomitee ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel op gesag van die Raad die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan delegeer, en dit inderdaad gedelegeer het;

"roomys" en "sorbet" soos omskryf in die regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972);

"smous" iemand wat, òf as prinsipaal, agent òf werknemer, besigheid dryf deur goedere te verkoop of te verruil, of vir verkoop of ruil aan te bied of uit te stal op die manier soos omskryf in item 41(2) van Bylae I van die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), en het die woorde "te smous" die ooreenstemmende betekenis;

"toebroodjie" een of meer snye brood, 'n middeldeurgesnyde broodrolletjie, hetsy gerooster al dan nie, met 'n laag ander voedsel daarop of daartussen;

"vereis" vereis na die mening van die gesondheidsbeampte, met inagneming van die redelike openbare gesondheidsvereistes in die besondere geval;

"voedseloutomaat" enige muntoutomaat of ander outomatiese masjien of toestel waardeur voedsel regstreeks aan die verbruiker gelewer of beskikbaar gestel word;

"voedselsmous" 'n marskramer of 'n venter of iemand wat, hetsy as prinsipaal agent of werknemer enige voedingsmiddels verkoop of voorsien, of dit te koop aanbied of uitstal, uitgesonderd in of op 'n vaste perseel;

"voertuig" enige vervoermiddel waarin of waarop voedsel vervoer word, hetsy so 'n voertuig meganies aangedryf word al dan nie, en sluit houers wat rondgedra of gestoot word in;

"worsbroodjie" 'n toebroodjie wat bestaan uit 'n worsie in 'n oop- of middeldeurgesnyde of 'n deurgesteekte broodrolletjie.

BESTEK VAN VERORDENINGE

2. Ondanks andersluidende bepalings van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge, kan voedsel, soos hierna bepaal, in 'n voedseloutomaat opgeberg, of deur middel daarvan gelewer word, en deur 'n voedselsmous opgeberg en verkoop word, na gelang van die geval. Die bepalings van hierdie verordeninge word vertolk as synde aanvullend tot die Raad se Voedselhanteringsverordeninge en Publieke Gesondheidsverordeninge en doen nie afbreuk daaraan nie.

DEEL 1: VOEDSELOUTOMATE

GOEDKEURING

3. Niemand mag 'n voedseloutomaat bedryf nie tensy —

(a) dit goedgekeur en stofdig is; en

(b) die plek waarop dit bedryf gaan word, goedgekeur is.

SKOONMAAK

4. Die beheerder van 'n voedseloutomaat of roomysmasjien moet toesien dat —

(a) dit te alle tye skoon en ongedierte vry is;

(b) dit op sodanige wyse en met sodanige toerusting as wat goedgekeur word, skoongemaak word;

(c) geen ongemagtigde persoon dit oopmaak, verstel, herstel, diens, of op enige wyse daarmee peuter nie; en

(d) die roomysmasjien voor elke vulling behoorlik skoongemaak word.

OPBERGING EN HANTERING VAN VOEDSEL

5. Die beheerder van 'n voedseloutomaat moet toesien dat —

(a) alle houers wat vir die verbruik van voedsel verskaf word, voordat dit gebruik word —

(i) binne-in die voedseloutomaat opgeberg en outomaties daaruit voorsien word; of

(ii) in 'n stof en ongediertevrye leweringshouer waartoe slegs die beheerder toegang het, opgeberg word;

(b) slegs skoon en ongebruikte houers in die voedseloutomaat of leweringshouer geplaas word;

(c) 'n goedgekeurde afvalblik langs elke voedseloutomaat geplaas word;

(b) slegs voedsel wat in 'n goedgekeurde en gelisensieerde perseel vervaardig of voorberei en verpak is in 'n voedseloutomaat geplaas en deur middel van so 'n voedseloutomaat verkoop word;

(e) alle bederfbare voedsel, teen hoogstens 10°C of sodanige laer temperatuur wat vereis mag word in die geval van voedsel wat bedoel is om koud verkoop te word en teen laagstens 65°C in die geval van voedsel wat bedoel is om warm verkoop te word, in die voedseloutomaat gehou en daaruit bedien word;

(f) elke voedseloutomaat voorsien is van 'n apparaat waarmee die heersende temperatuur binne in die kompartement waarin voedsel gehou word, aangedui en geregistreer word;

(g) elke houer of verpakking waarin voedsel deur middel van 'n voedseloutomaat voorsien word —

(i) behoorlik verseël is deur die vervaardiger en in sodanige verseëlde vorm aan die verbruiker bedien word; en

(ii) die naam en adres van die vervaardiger of verskaffer daarvan asook besonderhede van die inhoud daarvan duidelik leesbaar daarop aangegee word;

(h) alle voedsel wat in die voedseloutomaat geplaas word op so 'n wyse daarin geplaas word dat dit eers daaruit gelewer of beskikbaar gestel

kan word, nadat die voorraad wat reeds daarin is uitgeput is;

(i) indien die verkoelingsmeganisme van 'n voedseloutomaat vir 'n aaneenlopende tydperk van vier ure of langer buite werking was, alle bederfbare voedsel wat gedurende daardie tydperk in sodanige voedseloutomaat is, daaruit verwyder en vernietig word;

(j) sy naam en adres duidelik leesbaar, onuitwisbaar en op 'n opsigtelike plek aan die buitekant van die voedseloutomaat aangebring is.

ONDERSOEK VAN VOEDSELOUTOMAAT

6.(1) Die beheerder moet op versoek van die gesondheidsbeampte 'n voedseloutomaat oopmaak vir ondersoek en die neem van monsters.

(2) Die gesondheidsbeampte kan die gebruik van 'n voedseloutomaat belet, indien hy van mening is dat die voedsel wat daaruit voorsien word, nie geskik is vir menslike verbruik nie of as sodanige outomaat defektief is.

(3) Die beheerder van 'n voedseloutomaat waarvan die gebruik ingevolge subartikel (2) belet is, mag sodanige voedseloutomaat nie gebruik nie totdat die gesondheidsbeampte tevrede gestel is dat die voedsel wat daaruit voorsien sal word, wel geskik is vir menslike verbruik of dat sodanige outomaat in 'n behoorlike werkende toestand is.

VERKOOP VAN DRANK IN VERSEËLDE HOUERS VANUIT MEGANIESE VERKOELERS

7. Die beheerder van 'n verkoeler waaruit drank in verseëlde houers verkoop word, moet toesien dat —

(a) sodanige verkoeler van 'n goedgekeurde tipe is;

(b) 'n goedgekeurde afvalblik langs elke verkoeler verskaf word.

DEEL 2: VOEDSELSMOUSE

KATEGORIEË VAN VOEDSEL

8.(1) Vir doeleindes van hierdie deel, word voedsel waarmee gesmous word in die volgende kategorieë ingedeel:

(a) KATEGORIE A.

Vrugte en groente.

(b) KATEGORIE B.

Fabrieksverpakte roomys, sorbet, bevrore suikergoed, melk en melkprodukte, vrugtesappe en ander koeldrank wat verkoel moet word.

(c) KATEGORIE C.

Fabrieksverpakte lekkers, neute, biltong, soet- en southappies, snoeperye, koeldrank wat teen kamertemperatuur geberg kan word, suikerdons en springmielies.

(d) KATEGORIE D.

Gaar worsies gereed vir verbruik wanneer dit verkoop word, sonder dat enige verdere bereiding nodig is: Met dien verstande dat sodanige worsies verder berei kan word slegs deur dit in warm water te plaas.

Toegedraaide gaar vleispasteitjies, gereed vir onmiddellike verbruik.

Toegedraaide broodrolletjies, worsbroodjies en toebroodjies.

Onafgedopte gekoote eiers.

Tee, koffie en ander voorafverpakte drank.

Enige ander goedgekeurde voedsel.

(2) Niemand mag met enige ander voedsel as wat in subartikel (1) gespesifiseer word, smous nie, tensy dit deur die gesondheidsbeampte goedgekeur is nie.

ALGEMENE VEREISTES VIR VOERTUIE

9.(1) Niemand mag voedsel vanaf of vanuit 'n voertuig smous nie, tensy sodanige voertuig spesifiek goedgekeur is vir die smous van sodanige voedsel.

(2) Die eienaar moet jaarliks vir elke voertuig, drawinkeltjie, fiets, houer of enige tipe artikel wat gebruik word vir die smous van voedsel 'n permit bekom van die gesondheidsdepartement en moet die nommer van die permit op sodanige voertuig, drawinkeltjie, fiets of houer of enige tipe artikel aanbring.

(3) 'n Voertuig, drawinkeltjie of ander houer mag vir geen ander doel as waarvoor dit goedgekeur is, gebruik word nie.

(4) Elke voertuig, drawinkeltjie of ander houer moet sodanige gemaak wees en onderhou word dat geen vloeistof daaruit op die straat of grond sal uitloop nie.

(5) Alle toerusting, toebehore, gerei of toestelle wat saam met, of in verband met die smous van voedsel gebruik word, moet van 'n goedgekeurde tipe en konstruksie wees.

(6) Elke voertuig, drawinkeltjie of ander houer wat vir, of in verband met die smous van voedsel gebruik word, moet te alle tye in 'n skoon en sanitêre toestand wees.

(7) Die naam en adres van die smous namens wie gesmous word en die naam van sy gelisensieerde perseel moet duidelik leesbaar en onuitwisbaar op 'n opsigtelike plek op die voertuig, drawinkeltjie of ander houer aangebring word.

(8) Die smous van voedsel vanaf 'n voertuig, drawinkeltjie of ander houer mag slegs plaasvind in 'n area waar toegang tot sanitêre geriewe geredelik beskikbaar is.

ALGEMENE VEREISTES VIR PERSELE

10.(1) Die gesondheidsbeampte kan vir die smous van enige kategorie voedsel vereis dat die voedselsmous 'n vaste perseel moet verskaf waarop gerei, toerusting, voedsel of ander materiaal voorberei, opgeberg of skoongemaak word, in welke geval sodanige perseel aan die bepalings van artikel 2 van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge moet voldoen.

(2)(a) Vir elke voertuig wat vir die smous van voedsel goedgekeur is, met die uitsondering van fietse en houers wat rondgedra en gestoot word, moet die smous 'n vaste parkeervlak voorsien waar sodanige voertuig parkeer kan word.

(b) 'n Oordekte wasplek met 'n waterdigte vloeroppervlakte, wat dreineer na 'n rioolput wat aan die Raad se rioolstelsel gekoppel is, in ooreenstemming met die Rioleringsverordeninge moet vir die was en skoonmaak van voertuie voorsien word.

(3) Goedgekeurde fasiliteite moet vir die opberg en skoonmaak van drawinkeltjies of ander houers gebruik vir die smous van voedsel, voorsien word.

(4) 'n Voertuig, drawinkeltjie of ander houer wat vir die smous van voedsel goedgekeur is en alle toerusting, toebehore, gerei of toestelle bedoel in subartikel (1) mag op geen ander plek as dié bedoel in subartikels (2) en (3) opgeberg of skoongemaak word nie.

(5) Elke voedselsmous moet te alle tye 'n goedgekeurde pakkamer met 'n vloeroppervlakte van minstens 16 m^2 met 'n horisontale afmeting van minstens 3 m hê waaroor hy alleen die absolute beheer het: Met dien verstande dat die gesondheidsbeampte 'n groter of kleiner pakkamer kan vereis of toelaat.

(a) 'n Handewasbak voorsien van 'n skoon voorraad van warm en koue lopende water moet in die pakkamer voorsien word.

(b) Papierhanddoeke en kiemdodende vloeibare seep in goedgekeurde houers moet by sodanige handewasbak voorsien word.

(c) Afsonderlike goedgekeurde metaal sluitkaste moet in die pakkamer vir elke werknemer voorsien word.

(d) Die bepalings van artikel 9(7) is mutatis mutandis op sodanige pakkamer van toepassing.

ALGEMENE VEREISTES TEN OPSIGTE VAN VOEDSEL

11.(1) 'n Voedselsmous mag slegs met voedsel wat op 'n gelisensieerde perseel voorberei is smous: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie op die smous van eiers, groente of vrugte of sodanige ander voedsel as wat die gesondheidsbeampte op aansoek spesifiek kan goedkeur nie.

(2) Geen voedselsmous mag met enige voedsel smous wat ingevolge die bepalings van artikel 8(1) verpak of toegedraai moet wees nie, tensy —

(a) sodanige voedsel heeltemal en afsonderlik deur die vervaardiger of bereider in die porsies waarin dit verkoop word, toegedraai of verpak is;

(b) sodanige omhulsel heel is;

(c) die naam en adres van die vervaardiger of bereider op sodanige hulsel verskyn en, in die geval van voedsel in Kategorie D, ook die inhoud en datum van vervaardiging. Hierdie bepalings is nie van toepassing op voedsel wat ten aanskoue van die verbruiker berei en toegedraai word nie.

(3) Alle bederfbare voedsel wat koud gehou moet word moet teen hoogstens 10°C of sodanige laer temperatuur as wat vereis mag word, gehou word, en voedsel wat warm gehou moet word teen laagstens 65°C.

(4) Elke voedselsmous en persoon betrokke by die hantering van voedselware, moet te alle tye terwyl hulle aan diens is skoon en heel, beskermde oorklere van 'n lig- en effekleurige wasbare materiaal met moue van minstens elmbooglengte dra.

(5) Bo en behalwe die bogenoemde bepalings, moet enige persoon wat met voedsel smous ook —

(a) te alle tye 'n goedgekeurde vullishouer verskaf op enige plek waar hy sy besigheid bedryf; en

(b) die ruimte onmiddellik om sy voertuig tot binne 'n redelike afstand skoon en rommelvry hou en moet hy toesien dat sodanige gebied skoon is wanneer hy dit verlaat.

BYKOMENDE VEREISTES: VOEDSELKATEGORIE A

12.(1) Ondanks enige ander bepaling van hierdie verordeninge vervat, mag niemand met voedsel smous soos omskryf in artikel 8(1)(a) Voedselkategorie A nie, behalwe met 'n goedgekeurde voertuig en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Die laairuim moet van metaal of ander goedgekeurde duursame materiaal vervaardig wees.

(b) Alle uitstalrakke moet van metaal of ander goedgekeurde ondeurdingbare materiaal vervaardig wees en moet op so 'n wyse geïnstalleer of gerangskik wees dat dit vrye toegang laat vir skoonmaakdoeleindes.

(2) Geen produk mag op 'n ander plek as in die laairuim van die voertuig uitgestal word nie: Met dien verstande dat deur tot deur verkoping vanaf die voertuig, met goedkeuring, van hierdie bepaling vrygestel kan word.

BYKOMENDE VEREISTES: VOEDSELKATEGORIE B

13.(1) Ondanks enige ander bepalings in hierdie verordeninge vervat mag niemand met voedsel smous soos omskryf in artikel 8(1)(b) Voedselkategorie B nie, behalwe met 'n goedgekeurde voertuig en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Voertuig:

Die binnewande, vloer en dak van die laairuimte moet van 'n goedgekeurde, ondeurdringbare, wasbare en duursame materiaal wees.

(b) Houers en Toerusting:

(i) Alle houers moet van 'n stofdigte, ondeurdringbare materiaal vervaardig wees en van 'n goedgekeurde tipe en konstruksie wees.

(ii) Die binnewande van elke houer moet glad en duursaam afgewerk wees. Alle nate en voeë moet behoorlik verseël wees en hoeke moet rond afgewerk wees sodat dit maklik skoongemaak kan word.

(2) Alleenlik fabriekstoegedraaide en -verpakte voedselprodukte in ongeskonde houers, waarin dit deur die vervaardigers daarvan verpak is, mag verkoop word.

(3) Alle roomys, sorbet, bevrore suikergoed of soortgelyke voedsel moet, nadat dit gesmelt het, vernietig word en mag nie herbevries of verkoop word nie.

(4) Elke voedselsmous wat met Kategorie B voedsel smous, moet te alle tye oor 'n gelisensieerde besigheidsperseel beskik wat aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Artikel 2 van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge en die bepalings van Regulasie R185 van 30 Januarie 1987.

(b) Voldoende goedgekeurde verkoeling en vriesfasiliteite moet voorsien word.

(c) Indien die gesondheidsbeampte dit sou vereis, moet 'n aparte goedgekeurde werkswinkel en opberggeriewe vir fietse en onderdele voorsien word.

BYKOMENDE VEREISTES: VOEDSELKATEGORIE C

14.(1) Ondanks enige ander bepalings in hierdie verordeninge vervat, mag niemand met voedsel smous soos omskrywe in artikel 8(1)(c) Voedselkategorie C nie, behalwe met 'n goedgekeurde voertuig, en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Voertuig:

Die binnewande, vloer en dak van die laairuimte moet met 'n goedgekeurde onderdringbare, wasbare materiaal afgewerk wees.

(b) Houers en drawinkeltjies:

(i) Alle houers en drawinkeltjies moet van 'n ondeurdringbare materiaal vervaardig wees en van 'n goedgekeurde tipe en konstruksie wees.

(ii) Die binnewande moet glad afgewerk wees met alle nate en voeë behoorlik verseël, en die hoeke moet rond afgewerk wees om skoonmaak te vergemaklik.

(2) Slegs fabriekstoegedraaide en -verpakte voedselprodukte in ongeskonde houers, waarin dit deur die vervaardiger verpak is mag verskaf, te koop aangebied of aan die verbruiker verkoop word.

(3) Die verkoop van springmielies en suikerdons is onderhewig aan die goedkeuring van die gesondheidsbeampte.

BYKOMENDE VEREISTES: VOEDSELKATEGORIE D

15.(1) Ondanks enige ander bepalings in hierdie verordeninge vervat, mag niemand met voedsel smous soos omskryf in artikel 8(1)(d) Voedselkategorie D nie, behalwe met 'n goedgekeurde voertuig en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Die bestuurskajuit moet heeltemal van die laairuimte geskei wees.

(b) Die binnewande, vloer en plafon van die laairuimte moet van 'n goedgekeurde ondeurdringbare, glad afgewerkte en wasbare materiaal wees.

(c) Alle oppervlaktes waarmee voedsel, hetsy toegedraai of oop, in kontak mag kom, moet van vlekvrye staal of 'n soortgelyke goedgekeurde duursame materiaal wees.

(d) Alle nate en voeë moet behoorlik verseël en glad afgewerk wees.

(e) Die binneruim moet so ontwerp wees en die toerusting daarin so geïnstalleer wees dat alle oppervlaktes maklik skoongemaak kan word.

(f) Afsonderlike wasgeriewe, vir die was van gerei en die was van hande onderskeidelik, met warm en koue water daaroor aangelê, moet op sodanige voertuig voorsien word en aan 'n goedgekeurde vuilwater wegdoenstelsel gekoppel word.

(g) Papierhanddoeke en kiemdodende vloeibare seep in goedgekeurde houers moet by die handewasbak voorsien word.

(h) Wanneer ontoegedraaide voedsel op 'n voertuig hanteer word, moet sodanige voertuig so ontwerp en gebou wees dat —

(i) geen kontak tussen die publiek en die voedsel of die bereider daarvan moontlik is nie;

(ii) minstens 0,8 m^2 vrye vloerruimte per persoon op die voertuig beskikbaar is;

(iii) die hoogte tussen die vloer en plafon minstens 2 m is;

(iv) die plafon op 'n goedgekeurde wyse geïsoleer is; en

(v) voldoende ventilasie voorsien is.

(2)(a) Alle drank moet uit 'n goedgekeurde drankoutomaat verkoop word en in goedgekeurde wegdoenbare houers bedien word, of dit moet in verseëlde houers wat in 'n behoorlike gelisensieerde perseel gevul is, verkoop word.

(b) Indien suiker of melk nie vooraf by die drankie bygevoeg is nie, moet dit in afsonderlike fabrieksverpakte porsies verskaf word.

(3) Wegdoenbare papiervadoeke wat slegs eenmalig gebruik kan word, moet te alle tye gebruik word.

(4) 'n Volledige sketsplan wat die uitleg van alle toerusting en toebehore op die voertuig aandui, moet aan die gesondheidsbeampte voorgelê word vir goedkeuring en geen verandering mag daarna plaasvind sonder die skriftelike goedkeuring van die gesondheidsbeampte nie.

(5) Elke voedselsmous wat met Kategorie D voedsel smous mag alleenlik voedsel wat afkomstig is van 'n perseel waarvoor 'n geldige toepaslike kafeehouer- of spyseniersisensie uitgereik is, verkoop met die uitsondering van fabrieksverpakte voedsel: Met dien verstande dat die finale braai, verhit of ander goedgekeurde voorbereidingsproses op die voertuig soos hierin omskryf, kan geskied.

DEEL 3: ALGEMENE BEPALINGS EN STRAWWE

BEPERKINGS BETREFFENDE TYDPERK WAT SMOUS OP EEN PLEK KAN SMOUS EN PLEK WAAR HY KAN SMOUS

16. Die raad bepaal by Spesiale Besluit —

(a) 'n spesifieke plek of staanplek in enige gebied, straat of plek;

(b) die klas of soort goedere;

(c) die tydperk; en

(d) enige ander beperkings of voorwaardes waarkragtens 'n smous besigheid mag dryf.

ALGEMEEN

17. Elke voedselsmous aan wie 'n lisensie ingevolge die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974) uitgereik is, moet in opdrag van die gesondheidsbeampte sodanige lisensie of permit wat ingevolge artikel 9(2) van hierdie verordeninge toegeken is, toon of vertoon.

ONDERSOEK

18. Enige behoorlik gemagtigde beampte van die Raad kan vir enige doel wat verband hou met die nakoming van die bepalings van hierdie verordeninge te alle redelike tye en sonder kennisgewing vooraf enige perseel, voertuig of struktuur waarop of waarin voedsel hanteer word, of ten opsigte waarvan sodanige amptenaar redelike gronde het om te vermoed dat voedsel daarin of daarop hanteer word, binnegaan en sodanige ondersoek, navraag, inspeksie en toetse in verband daarmee doen, en monsters neem wat hy nodig ag.

DWARSBOMING

19. Iemand wat versuim of weier om toegang te verleen aan 'n beampte van die Raad wat behoorlik by hierdie verordeninge of deur die Raad gemagtig is om 'n perseel, voertuig of struktuur te betree en te ondersoek as hy versoek om tot sodanige perseel, voertuig of struktuur toegelaat te word, of wat sodanige beampte in die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie verordeninge dwarsboom, of wat versuim of weier om inligting te verstrek wat hy wettiglik aan sodanige beampte moet verstrek, of wat doelbewus aan sodanige beampte valse of misleidende inligting verstrek, of wat iemand wederregtelik verhinder om sodanige perseel, voertuig of struktuur te betree, is skuldig aan 'n oortreding.

MISDRYWE EN STRAWWE

20. Iemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen of veroorsaak of toelaat of duld dat iemand anders dit doen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf van hoogstens 12 maande, of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf, en in die geval van 'n voortgesette misdryf word hy aan 'n afsonderlike misdryf vir elke 24 uur of gedeelte van sodanige tydperk waartydens die misdryf voortgesit word, skuldig geag en is strafbaar vir sodanige misdryf met 'n boete van hoogstens R100.

N T P VAN ZYL
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 5
Schweizer-Reneke
2780
26 Julie 1989
Kennisgewing No 16/1989

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2067

TOWN COUNCIL OF SCHWEIZER-RENEKE

BY-LAWS RELATING TO FOOD-VENDORS AND FOOD-DISPENSING MACHINES

The Town Clerk of Schweizer-Reneke hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the By-laws set

forth hereinafter, which have been approved by the Administrator.

INDEX

Section

1. Definitions.

2. Scope of By-laws.

PART 1: FOOD-DISPENSING MACHINES

3. Approval.

4. Cleaning.

5. Storage and Handling of Food.

6. Inspection of Food-dispensing Machines.

7. Sale of Beverages in Sealed Containers from Mechanical Coolers.

PART 2: FOOD-VENDORS

8. Categories of Foodstuffs.

9. General Requirements for Vehicles.

10. General Requirements for Premises.

11. General Requirements for Foodstuffs.

12. Additional Requirements: Food Category A.

13. Additional Requirements: Food Category B.

14. Additional Requirements: Food Category C.

15. Additional Requirements: Food Category D.

PART 3: GENERAL PROVISIONS AND PENALTIES

16. Limitations.

17. General.

18. Inspection.

19. Obstruction.

20. Offences and Penalties.

DEFINITIONS

1. For the purpose of these by-laws, unless the context otherwise indicates —

"approved", "adequate", "food" and "foodstuffs" shall bear the respective meanings assigned to them in the Council's Food-Handling By-laws, adopted by the Council under Administrator's Notice 2321 of 27 December 1972;

"Council" means the Town Council of Schweizer-Reneke that Council's Management Committee acting under the powers delegated to it in terms of section 58 of the Local Government Ordinance (Administration and Election), 1960, and any officer to whom that Committee has been empowered by the Council in terms of subsection (3) of the said section to delegate and has in fact delegated the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these by-laws;

"controller" means the person or group of persons who exercise the actual control over the supply of foodstuffs or refreshments from a food dispensing machine or a mechanical cooler;

"factory packed foodstuffs" means any foodstuff which was prepared, manufactured and packed on premises, licensed for the applicable commodity in terms of the Licence Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974);

"food dispensing machine" means any coin operated or other automatic machine or device from which food is delivered or made available directly to the consumer;

"food-vendor" means any hawker or pedlar or any other person who, whether as principal, agent or employee, sells or supplies or offers or exposes for sale any article of food elsewhere than on fixed premises;

"frozen sugar confectionery" means and includes water ices, water ice suckers and any similar commodity made of water, sweetening ingredients stabilisers, flavouring substances and colouring matter with or without the addition of fruit or fruit juices;

"hawker" means any person who, whether as principal, agent or employee, carries on business by selling or exchanging or offering or exposing for sale or exchanges goods, in the manner described in item 41(2) of Schedule I of the Licences Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974) and "hawk" shall have the corresponding meaning;

"hot dog" means a sandwich consisting of a sausage in a split, sliced or pierced bread roll;

"ice cream" and "sherbet" shall bear the respective meanings assigned to them in the regulation made in terms of the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972);

"health officer" means a health inspector appointed by a local authority in terms of section 24 of the Health Act, 1977 (Act 63 of 1977);

"premises" means a premises as defined in the Council's Food Handling By-laws but shall not include a vehicle, structure, tray or receptacle or any other means by which a vendor may vend in terms of these by-laws;

"required" means required in the opinion of the health officer regard being had to the reasonable public health requirements of the particular case;

"sandwich" means one or more slices of bread or a split bread roll, whether toasted or otherwise, with a layer of other food placed on or between them;

"vehicle" means any vehicle or conveyance, whether mechanically driven or not, on or in which foodstuffs are conveyed and includes any receptacle or container which is carried or pushed.

SCOPE OF BY-LAWS

2. Notwithstanding anything to the contrary in the Council's Food-Handling By-laws, food may be stored and dispensed by a food-dispensing machine, and stored and sold by a vendor, as the case may be, as hereinafter provided. The provisions of these by-laws shall be considered as supplementary to the Council's Food-Handling By-laws and Public Health By-laws and do not derogate any part thereof.

PART 1: FOOD-DISPENSING MACHINES

APPROVAL

3. No person shall operate a food-dispensing machine unless —

(a) it is approved and dust proof; and

(b) it is positioned in an approved location.

CLEANING

4. The controller of a food-dispensing or ice cream machine shall ensure that —

(a) it is maintained in a clean and vermin-free condition;

(b) it is cleaned only by means of approved methods and equipment;

(c) no unauthorized person may open, adjust, repair, service or in any way tamper with it; and

(d) the ice cream dispensing machine is thoroughly cleaned prior to every filling thereof.

STORAGE AND HANDLING OF FOODSTUFFS

5. The controller of a food-dispensing machine shall ensure that —

(a) all containers provided for the consumption of foodstuffs shall prior to their use be —

(i) stored inside the machine and automatically discharged therefrom on demand; or

(ii) stored inside a dust and vermin-proof dispensing container to which only the controller has access;

(b) only clean unused containers are inserted in the food-dispensing machine or dispensing container;

(c) an approved refuse receptacle is provided next to each food-dispensing machine;

